9.1.4 *Fish paste: True description of contents.*—Any fish named in the description of a fish paste shall be used in sufficient quantity to justify the use of the name. If only one variety of fish is named, the paste (except in the case of anchovy) shall contain at least 60 per cent by mass of that fish. Where two or more varieties are named, except where one variety is anchovy, the total quantities of the named fish shall be not less than 60 per cent by mass and the quantity of any one particular variety of fish named shall be not less than 15 per cent by mass. In the case of a fish paste labelled as anchovy, the anchovy content shall be not less than 30 per cent by mass. Where anchovy enters into the name of the product, the anchovy content shall be not less than 10 per cent by mass and the total quantities of the varieties of fish indicated in the name of the product shall be not less than 50 per cent by mass. In the case of fish pastes made from more than one variety of fish, the names of the varieties featuring in the title shall appear in the title in decreasing order of amounts present.

For the purposes of this subsection the term "fish" shall be deemed to include crustacea, provided that the presence of crustacea as a fish paste ingredient shall be specifically stated on the label.

9.2 ATTACHING OF LABELS.—Labels on containers shall be clean and neat, and securely attached. They shall not be superimposed on other labels or on matter printed directly on the containers. They shall not be applied by any person other than the manufacturer or his authorized agent. Label glue that is liable to deteriorate under humid storage conditions shall not be used.

9.3 MARKING OF PACKAGES.—If the containers are packaged, the packages shall be clean, neat, and unbroken, and on every package shall be printed or stencilled the number and size or net mass of the containers and the information required by 9.1.1 (a), (b), (e), where applicable, and (h), except that the business address of the manufacturer need not be the full business address but must be sufficient for identification purposes.

9.4 CONTAINERS FOR EXPORT.—Notwithstanding the provisions of section 9, products for export to other countries may be either unlabelled or labelled differently to the requirements of this specification, provided there is no attempt to misrepresent the product. The requirements of 9.3 shall be met except that a code mark may be used in lieu of the name of the manufacturer.

9.1.3 *Juiste beskrywing van seeskulpdiere.*—Seeskulpdiere moet korrek beskryf word met die naam van die produk wat op die etiket verskyn. Ondergenoemde gewone name kan gebruik word soos aangedui:

Gewone naam	*Wetenskaplike naam*
Perlemoen	*Haliotis midae.*
Witmossel	*Donax serra.*
Swartmossel	*Chloromytilus meridionalis.*
Knysna-oester	*Crassostraea margaritacea.*
Snyskulpgapermossel	*Solen capensis.*
Seekat	*Octopus sp.*
Inkvis	*Sepia capensis.*
Tjokka (Squid)	*Loligo reynaudi.*

Daarbenewens moet die beskrywing van die produk, in die geval van seeskulpdiere wat nie ontskulp is nie, in die hoofpaneel van die etiket aandui dat die produk skulpe bevat.

9.1.4 *Vissmeer: Juiste beskrywing van inhoud.*—Enige vis wat in die beskrywing van 'n vissmeer genoem word, moet in genoegsame hoeveelheid gebruik word om die gebruik van die naam te regverdig. As slegs een vissoort genoem word, moet die smeer (behalwe in die geval van ansjovis) minstens 60 massapersent van sodanige vis bevat. Waar twee of meer soorte genoem word, behalwe waar die een soort ansjovis is, moet die totale hoeveelheid van die vis wat genoem is minstens 60 massapersent wees en moet die hoeveelheid van enige bepaalde vissoort wat genoem is, minstens 15 massapersent wees. In die geval van vissmeer wat as ansjovissmeer geëtiketteer is, moet die ansjovisinhoud minstens 30 massapersent wees. Waar ansjovis in die naam van die produk as 'n bestanddeel van 'n vissmeer aangedui word, moet die ansjovisgehalte minstens 10 massapersent wees en die totale hoeveelheid van die vissoorte in die naam van die produk genoem, moet minstens 50 massapersent wees. In die geval van vissmeer wat van meer as een vissoort gemaak word, moet die naam van die vissoort wat in die naam van die produk voorkom, in die volgorde van afnemende hoeveelhede wat aanwesig is, in die benaming van die produk verskyn.

Daar word geag dat die term "vis" vir die doel van hierdie onderafdeling skaaldiere insluit, met dien verstande dat die aanwesigheid van skaaldiere as vissmeerbestanddeel spesifiek op die etiket gemeld moet word.

9.2 AANBRING VAN ETIKETTE.—Etikette op houers moet skoon en netjies en stewig aangeheg word. Hulle mag nie oor ander etikette of oor drukwerk wat regstreeks op die houer gedruk is, aangebring word nie. Hulle mag deur niemand anders as die fabrikant of sy gemagtigde agent aangebring word nie. Geen etiketgom wat moontlik in klam opbergtoestande kan verswak mag gebruik word nie.

9.3 MERK VAN PAKKETTE.—As die houers in pakkette verpak word, moet die pakkette skoon, netjies en heel wees en moet die getal en grootte of netto massa van die houers, benewens die besonderhede vereis in 9.1.1 (a), (b), (e), waar dit van toepassing is, en (h), op elke pakket gedruk of gesjabloneer word, behalwe dat die fabrikant se besigheidsadres nie die volledige besigheidsadres hoef te wees nie maar slegs voldoende moet wees vir identifikasiedoeleindes.

9.4 HOUERS VIR UITVOER.—Ongeag die bepalings van afdeling 9, kan produkte vir uitvoer na ander lande sonder etikette, of anders geëtiketteer as in hierdie spesifikasie vereis, uitgevoer word, mits daar nie gepoog word om die produk vals voor te stel nie. Daar moet aan die vereistes van 9.3 voldoen word, maar 'n kodemerk kan in plaas van die fabrikant se naam gebruik word.

SECTION 10.—METHODS OF PHYSICAL EXAMINATION AND CHEMICAL ANYLYSIS

10.1 DETERMINATION OF NET MASS OF CONTENTS.

10.1.1 Determine the gross mass by weighing the unopened container. Then in the case of—

(a) a container with a lid attached by a double seam, partially cut out the lid without removing or altering the height of the double seam;

(b) another type of container, remove the lid.

10.1.2 Determine the average vertical distance, in millimetres, from the top level of the container to the top level of the contents by taking measurements over the surface of the contents.

10.1.3 Transfer the contents of the container to a sieve with a nominal aperture size of 2,00 mm and after allowing it to drain for 2 minutes determine the drained mass.

10.1.4 Wash, dry, and weigh the container complete with lid, and retain it for use in the determination of fill of container. The difference between the gross mass (10.1.1) and the mass of the container and lid gives the net mass of the contents.

10.2 DETERMINATION OF FILL OF CONTAINER.

10.2.1 In the case of containers with tops attached by double seams fill the container with water at room temperature to a vertical distance of 5 mm below the top level of the container, Weigh the container thus filled and determine the mass of the water by subtracting the mass of the container.

10.2.2 Draw off water from the filed container to the level of the contents (10.1.2), weigh the container with the remaining water and determine the mass of the remaining water by subtracting the mass of the container.

10.2.3 Divide the mass of the remaining water by the mass of the water (10.2.1) and multiply by 100. The result is the precentage of the total volume capacity of the container occupied by the contents.

10.2.4 In the case of a container with a lid attached otherwise than by a double seam, remove the lid and proceed in accordance with 10.2.1 to 10.2.3, but fill the container to the top instead of to 5 mm below the top (see 10.2.1).

10.3 MEASUREMENT OF BLOB DIAMETER OF TOMATO PASTE.—Measure the blob diameter at 25° C by placing a cylindrical chromium-plated copper tube of height 60 mm and inside diameter 19 mm on a horizontal glass plate and filling it to the level of the top rim with the paste under test and gently lifting the tube from the plate at a slow and even rate such that the time taken to empty the cylinder is 4 seconds. Then immediately measure the lengths, in millimetres, of two diametres (at right angles to each other) of the paste blob, including in the measurements any exuded liquor, and record the mean of these values. Perform this determination twice and record the overall mean value as the blob diameter.

10.4 DETERMINATION OF MUNSELL VALUE OF CANNED TUNA.

10.4.1 *Apparatus.*

(a) An apparatus for comparing the reflectance of the tuna sample and the neutral Munsell discs.

(b) A light source suitable for illuminating the sample and the Munsell disc and radiating light at a wavelength centering at 555 nm (540-570 nm,) or a comparator device fitted with a filter (on the eyepiece) that transmits light centering at the above wavelength.

AFDELING 10.—METODES VIR FISIESE ONDERSOEK EN CHEMIESE ONTLEDING

10.1 BEPALING VAN NETTO MASSA VAN INHOUD.

10.1.1 Bepaal die bruto massa deur die onoopgemaakte houer te weeg. Dan in die geval van—

(a) 'n houer met 'n deksel wat met dubbele naat bevestig is, sny die deksel gedeeltelik uit sonder om die dubbele naat te verwyder of die hoogte daarvan te verander;

(b) 'n ander tipe houer, verwyder die deksel.

10.1.2 Bepaal die gemiddelde vertikale afstand, in millimeter, van die boonste oppervlak van die houer af tot op die boonste oppervlak van die inhoud deur afmetings oor die oppervlak van die inhoud te neem.

10.1.3 Plaas die inhoud van die houer oor op 'n sif met 'n nominale openingsgrootte van 2,00 mm en nadat dit toegelaat is om vir 2 minute lank te dreineer, bepaal die gedreineerde massa.

10.1.4—Was, droog en weeg die houer met deksel en al en behou dit vir gebruik in die bepaling van die volheid van die houer. Die verskil tussen die bruto massa (10.1.1) en die massa van die houer en deksel is die netto massa van die inhoud.

10.2 BEPALING VAN VOLHEID VAN HOUER.

10.2.1 Vul, in die geval van 'n houer met 'n deksel wat met 'n dubbele naat bevestig is, die houer met water by kamertemperatuur tot 'n vertikale afstand van 5 mm onderkant die bovlak van die houer. Weeg die houer wat aldus gevul is en bepaal die massa van die water deur die massa van die houer daarvan af te trek.

10.2.2 Trek water uit die vol houer tot op die hoogte van die inhoud (10.1.2), weeg die houer met die oorblywende water en bepaal die massa van die oorblywende water deur die massa van die houer daarvan af te trek.

10.2.3 Deel die massa van die oorblywende water deur die massa van die water (10.2.1) en vermenigvuldig met 100. Die resultaat is die persentasie van die totale volume van die houer wat deur die inhoud in beslag geneem is.

10.2.4 Verwyder die deksel, in die geval van 'n houer met deksel wat anders as met 'n dubbele naat bevestig is, en gaan te werk volgens 10.2.1 tot 10.2.3, maar maak die houer heeltemal vol in plaas van tot 5 mm onderkant die bovlak (kyk 10.2.1).

10.3 BEPALING VAN DIE BOBBELDIAMETER VAN TAMATIEPASTA.—Meet die bobbeldiameter by 25° C deur 'n silindriese verchroomde koperbuis met 'n lengte van 60 mm en 'n binnediameter van 19 mm, op 'n horisontale glasplaat te plaas en dit tot by die boonste rand met die pasta wat getoets word te vul en die buis versigtig van die plaat af te lig teen 'n stadige en egalige tempo sodat dit 4 sekondes duur om die silinder leeg te maak. Meet onmiddellik die lengte, in millimeter, van twee diameters (reghoekig op mekaar geneem) van die pastabobbel met inbegrip van enige uitgeskeide vloeistof en teken die gemiddelde van hierdie waardes aan. Herhaal die bepaling twee keer en teken die gemiddelde waarde as die bobbeldiameter aan.

10.4 BEPALING VAN DIE MUNSELL-WAARDE VAN INGEMAAKTE TUNA.

10.4.1 *Apparaat.*

(a) 'n Apparaat om die weerkaatsing van die tunamonster en die neutrale Munsell-skywe te vergelyk.

(b) 'n Ligbron, geskik om die monster en die Munsellskyf te verlig en wat lig van 'n golflengte van 555 nm (450-570 nm) uitstraal of 'n vergelykingsapparaat wat van 'n filter (in die oogstuk) voorsien is en lig van bogemelde golflengte deurlaat.

(c) Munsell discs of values 6,3 and 5,3.

10.4.2 *Preparation of Sample.*—Pass the contents of the container through a sieve of nominal aperture size 6,7 mm. Mix the sieved material and place it in a 84 × 46 mm open-top can with a false bottom 13 mm deep, the can being painted flat black inside and out. Fill the can to within 3 to 6 mm of its top edge. In the case of blended tuna, separate the flesh of the two colours and proceed as indicated with each colour separately.

10.4.3 *Procedure.*—Within 10 minutes of sieving the sample determine the Munsell value as follows. Using two Munsell discs of the same value each mounted 8 mm below the top edge of a 84 × 46 mm open-top can (painted as in 10.4.2), regulate the source of illumination so that, when viewed, the two discs appear to be of equal brightness. Without altering the adjustment, remove one can and replace it by the prepared sample and observe whether the sample appears to be lighter or darker than the standard. For tuna designated "white" and "light" conduct the comparison using Munsell discs of value 6,3 and 5,3 respectively.

10.5 PREPARATION OF TEST SAMPLE FOR CHEMICAL ANALYSIS.—Pass the drained sample (10.1.3) twice through a meat grinder and mix thoroughly. In the case of fish paste mix the product thoroughly using a pestle and mortar. Store the prepared sample in a well-closed container in a refrigerator until required for use.

10.6 DETERMINATION OF CHLORIDE CONTENT (AS SODIUM CHLORIDE).

10.6.1 *Reagents.*

(a) *Silver nitrate solution* 0.1*N*.—Accurately standardized.

(b) *Potassium thiocyanate solution* O.1*N*.

(c) *Ferric alum indicator.*—A cold saturated solution of ferric ammonium sulphate to which a few drops of 6N nitric acid have been added.

(d) *Sodium carbonate solution.*—A saturated solution.

(e) *Nitrobenzene.*

10.6.2 *Procedure.*—Weigh accurately a suitable quantity of the prepared sample into an evaporating basin or crucible, moisten with the sodium carbonate solution, and dry on a water bath. Char the dried sample and ash it at a temperature not exceeding 500° C. Extract the residue with dilute nitric acid (about 6N) and filter into a 100 ml volumetric flask. Repeat the extraction and filtration once. Make up to volume with the dilute nitric acid.

To a suitable aliquot in a 250 ml Erlenmeyer flask add 25 ml of the silver nitrate, 5 ml nitrobenzene, and 1 ml ferric alum indicator. Titrate with 0,1N potassium thiocyanate. Carry out a blank determination omitting the sample.

From the blank titration and the test titration determine the amount (A) of silver nitrate used in the test. Calculate the result as follows:

$$\text{Chloride as sodium chloride, per cent} = \frac{A \times 5.845 \times N}{W}$$

where

A = amount of silver nitrate solution used by the aliquot, ml.
N = normality of silver nitrate used.
W = mass of original sample represented by the aliquot used in the titration, g.

(c) Munsell-skywe met waardes van 6.3 en 5.3.

10.4.2 *Voorbereiding van Monster.*—Vryf die inhoud van die houer deur 'n sif met 'n nominale openinggrootte van 6,7 mm. Meng die gesifte materiaal en plaas dit in 'n 84- × 46-mm-wyebekinmaakblik met 'n vals boom 13 mm diep en wat binne en buite 'n mat swart kleur geverf is. Die materiaal moet 3 tot 6 mm onder die boonste rand van die blik lê. In die geval van gemengde tuna, skei die twee kleure vis en gaan met elke kleur voort soos hierbo aangedui.

10.4.3 *Werkwyse.*—Bepaal die Munsell-waarde soos volg binne 10 minute nadat die monster gesif is. Gebruik twee Munsell-skywe van gelyke waarde, elk 8 mm onder die borand van 84- × 46-mm-wyebekinmaakblik (geverf soos in 10.4.2 beskryf) gemonteer en reguleer die ligbron sodat die twee skywe ewe helder lyk wanneer daarna gekyk word. Sonder om die ligbroninstelling te verander, verwyder een blik en vervang dit deur die voorbereide monster en stel vas of die monster ligter of donkerder as die standaard voorkom. In die geval van tuna wat as "Wit" en "Lig" beskryf word, word die vergelyking gedoen met Munsell-skywe met waardes van onderskeidelik 6.3 en 5.3.

10.5 VOORBEREIDING VAN MONSTER VIR CHEMIESE ONTLEDING.—Maal die gedreineerde monster (10.1.3) twee keer in 'n vleismeul en meng deeglik. Meng, in die geval van vissmeer, die produk deeglik met behulp van 'n stamper en vysel. Bêre die voorbereide monster in 'n goed toegemaakte houer binne-in 'n yskas totdat dit nodig is vir gebruik.

10.6 BEPALING VAN CHLORIEDGEHALTE (AS NATRIUMCHLORIED).

10.6.1 *Reagense.*

(a) *Silwernitraatoplossing,* 0.1*N*.—Noukeurig gestandaardiseer.

(b) *Kaliumtiosianaatoplossing,* 0.1*N*.

(c) *Ferri-aluinindikator.*—'n Koue, versadigde ferriammoniumsulfaatoplossing waarby 'n paar duppels 6N salpetersuur gevoeg is.

(d) *Natriumkarbonaatoplossing.*—'n Versadigde oplossing.

(e) *Nitrobenseen.*

10.6.2 *Werkwyse.*—Weeg 'n geskikte hoeveelheid van die voorbereide monster noukeurig uit in 'n verdampingsbakkie of kroesie, maak dit met 'n bietjie natriumkarbonaatoplossing nat, en droog op 'n waterbad. Verkool die droë monster en veras dit daarna in 'n oond by 'n temperatuur van hoogstens 500° C. Ekstraheer die residu met verdunde salpetersuur (ongeveer 6N) en filtreer in 'n 100-ml-volumetriese fles. Herhaal die ekstraksie en filtrasie een keer. Vul die volume met die verdunde salpetersuur aan.

Voeg by 'n geskikte deelvolume van die oplossing in 'n 250-ml-Erlenmeyerfles 25 ml silwernitraat, 5 ml nitrobenseen en 1 ml ferri-aluinindikator. Titreer met 0,1N kaliumtiosianaat. Voer 'n kontrolebepaling uit sonder die monster.

Bepaal volgens die kontroletitrasie en die toetstitrasie die hoeveelheid (A) silwernitraat wat in die toets gebruik is. Bereken die resultaat soos volg:

$$\text{Chloried as natrimchloried, persent} = \frac{A \times 5.845 \times N}{W}$$

waar

A = hoeveelheid silwernitraatoplossing wat deur die deelvolume gebruik is, ml
N = normaliteit van die gebruikte silwernitraat
W = massa van oorspronklike monster wat deur die deelvolume wat by die titrering gebruik is, verteenwoordig is, g

10.7 DETERMINATION OF NITROGEN CONTENT AND CALCULATION OF TOTAL FISH CONTENT.

10.7.1 *Apparatus.*

(a) *Kjeldahl flask of 500 ml capacity.*

(b) *Kjeldahl distillation apparatus.*

10.7.2 *Reagents.*

(a) *Potassium sulphate or anhydrous sodium sulphate.*—Chemically pure and nitrogen-free.

(b) *Sulphuric acid, concentrated.*—Chemically pure and nitrogen-free.

(c) *Mercuric oxide (HgO).*—Chemically pure and nitrogen-free.

(d) *Potassium hydrogen phtalate.*—Analytical reagent grade.

(e) *Screened methyl red indicator.*—Dissolve 0,125 g of methyl red and 0,083 g of methylene blue in 100 ml ethanol (96 per cent) and filter.

(f) *Phenolphthalein indicator.*—One per cent solution in ethanol (96 per cent).

(g) *Sodium hydroxide solution, 0.5N.*—Dissolve approximately 20 g of carbonate-free sodium hydroxide (analytical reagent grade) in 1 litre of distilled water that is free from carbon dioxide. Standardize against the potassium hydrogen phthalate using the phenolphlthalein indicator.

(h) *Sulphuric acid, 0.5N.*—Dilute approximately 14,2 ml of the concentrated sulphuric acid to 1 litre with distilled water. Standardize against the 0.5N sodium hydroxide solution using the screened methyl red indicator.

(i) *Sodium hydroxide solution, 45 per cent by mass.*—Dissolve approximately 450 g sodium hydroxide (chemically pure) in 550 ml distilled water. Cool and filter through glass wool if necessary.

(j) *Sodium thiosulphate solution.*—Dissolve 500 g of sodium thiosulphate ($Na_2S_2O_3,5H_20$) in water and make up to 1 000 ml.

10.7.3 *Procedure.*—Accurately weigh out 2 g of the prepared sample and transfer it to the 500 ml Kjeldahl digestion flask. Add 15 g potassium sulphate (or anhydrous sodium sulphate), 0,1 to 0,3 g mercuric oxide, and 25 ml of the concentrated sulphuric acid. Heat gently until frothing ceases, then heat strongly until the solution becomes clear, and continue the digestion for at least 30 minutes longer (about 2 hours are required for complete digestion). Cool, and dilute with about 250 ml distilled water. Cool to room temperature and run 50 ml of the 45 per cent sodium hydroxide solution and 10 ml of the sodium thiosulphate solution down the side of the flask so that it forms a separate layer and does not mix with the acid solution at once. Add a few granules or pellets of zinc.

Connect the flask to the Kjeldahl distillation unit, mix the contents of the flask by gentle swirling, and then distil off the ammonia in about 250 ml of distillate into an Erlenmeyer flask containing an excess (of known volume) of the standard 0,5N sulphuric acid. Titrate the excess acid in the Erlenmeyer flask with the standard 0,5N sodium hydroxide solution, using three to four drops of the screened methyl red indicator. Carry out a blank determination, following the same procedure but omitting the sample.

10.7 BEPALING VAN STIKSTOFGEHALTE EN BEREKENING VAN DIE TOTALE VISINHOUD.

10.7.1 *Apparaat.*

(a) *Kjeldahlfles met 'n inhoudsvermoë van 500 ml.*

(b) *Kjeldahldistilleerapparaat.*

10.7.2 *Reagense.*

(a) *Kaliumsulfaat of watervrye natriumsulfaat.*—Chemies suiwer en stikstofvry.

(b) *Swawelsuur, gekonsentreer.*—Chemies suiwer en stikstofvry.

(c) *Merkuri-oksied (HgO).*—Chemies suiwer en stikstofvry.

(d) *Kaliumwaterstofftalaat.*—Analitiese reagensgraad.

(e) *Gemaskeerde metielrooi-indikator.*—Los 0,125 g metielrooi en 0,083 g metileenblou in 100 ml etanol (96 persent) op en filtreer.

(f) *Fenolftaleïenindikator.*—'n Eenpersentoplossing van etanol (96 persent).

(g) *Natriumhidroksiedoplossing, 0,5N.*— Los ongeveer 20 g karbonaatvrye natriumhidroksied (analitiese reagensgraad) op in 1 liter gedistilleerde water wat vry is van koolstofdioksied. Standaardiseer die oplossing teenoor kaliumwaterstofftalaat deur die fenolftaleïenindikator te gebruik.

(h) *Swawelsuur, 0,5N.*—Verdun ongeveer 14,2 ml van die gekonsentreerde swawelsuur met gedistilleerde water tot 1 liter. Standaardiseer die oplossing teenoor die 0,5N-natriumhidroksiedoplossing deur die gemaskeerde metielrooi-indikator te gebruik.

(i) *Natriumhidroksiedoplossing, 45 massapersent.*—Los ongeveer 450 g natriumhidroksied (chemies suiwer) in 550 ml gedistilleerde water op. Koel af en filtreer deur glaswol indien nodig.

(j) *Natriumtiosulfaatoplossing.*—Los 500 g natriumtiosulfaat ($Na_2S_2O_3,5H_2O$) in water op en vul aan tot 1 000 ml.

10.7.3 *Werkwyse.*—Weeg 2 g van die voorbereide monster noukeurig af en plaas dit in 'n 500-ml-Kjeldahlverteringsfles oor. Voeg 15 g kaliumsulfaat (of anhidriese natriumsulfaat), 0,1-0,3 g merkuri-oksied en 25 ml van die gekonsentreerde swawelsuur by. Verhit stadig totdat skuimvorming ophou. Verhit dan sterker totdat die oplossing helder word en hou nog minstens 30 minute lank aan met die vertering (die volkome vertering neem ongeveer 2 uur). Koel af, en verdun die verteerde monster met ongeveer 250 ml gedistilleerde water. Koel af tot kamertemperatuur en laat 50 ml van die 45 persent natriumhidoksiedoplossing en 10 ml van die natriumtiosulfaatoplossing langs die fles se nek afloop sodat dit 'n aparte laag vorm en nie dadelik met die suuroplossing meng nie. Voeg 'n paar korrels sink by. Verbind die fles met die Kjeldahldistilleerapparaat, meng die inhoud deur die fles versigtig te werwel en distilleer die ammoniak in 'n distillaat van ongeveer 250 ml dan in 'n Erlenmeyerfles af wat 'n oormaat standaard-0,5N-swawelsuur (van bekende volume) bevat. Titreer die oormaat suur in die Erlenmeyerfles met standaard-0,5N-natriumhidroksiedoplossing (gebruik 3 tot 4 druppels van die gemaskeerde metielrooi-indikator) Voer 'n kontrolebepaling uit op dieselfde wyse maar sonder die monster.

10.7.4 *Calculation.*

$$\text{(a) Nitrogen content, per cent} = \frac{(x-y) \times N \times 1.4}{C}$$

where

x = volume of sulphuric acid neutralized by the ammonia distilled from the sample, ml.
y = volume of sulphuric acid neutralized by the ammonia distilled from the blank, ml.
N = normality of the sulphuric acid.
C = mass of sample taken, g.

(b) Total fish content, per cent = nitrogen content, per cent x 37.5.

10.8 DETERMINATION OF CRUDE STARCH CONTENT.

10.8.1 *Reagents.*

(a) *Alcoholic potassium hydroxide solution.*—8 per cent (m/v).

(b) *Ethanol.*—96 per cent.

(c) *Acetic acid solution.*—5 per cent (v/v).

10.8.2 *Procedure.*—Weigh out accurately 20 to 30 g of the prepared sample into a 250 ml beaker, add 100 ml alcoholic potassium hydroxide solution, and digest on a waterbath for one to two hours until all the fat has been saponified and the protein hydrolyzed. Filter through a medium-speed filter paper under suction. Wash the residue with ethanol until the washings are colourless. Use warm 5 per cent acetic acid solution to transfer the residue to a 100 ml volumetric flask. Cool, make up to volume with the acetic acid solution, and shake thoroughly to suspend the residue.

Pipette a 25 ml aliquot of the suspension into 100 ml of ethanol contained in a 250 ml beaker. Allow to stand until all the residue has settled. Filter through a prepared and ignited Gooch crucible, and dry to constant mass in an oven at a temperature of 105 ± 2° C. Ignite the residue at a temperature of 700-800° C. Cool and weigh.

10.8.3 *Calculation.*

$$\text{Crude starch content, per cent} = \frac{4(A-B) \times 100}{C}$$

where

A = mass of Gooch crucible plus dried residue, g.
B = mass of Gooch crucible plus ignited residue, g.
C = mass of sample taken, g.

10.9 DETERMINATION OF BENZOIC ACID CONTENT.

10.9.1 *Apparatus.*—A suitable spectrophotometer having cells with a 10 mm light-path and capable of measuring optical density at wavelengths of 267.5 nm 272.0 nm and 276.5 nm.

10.9.2 *Reagents.*

(a) *Hydrochloric acid.*—Concentrated, analytical reagent grade.

(b) *Sodium chloride solution.*—A saturated aqueous solution of chemically pure sodium chloride.

(c) *Diethyl ether.*

(d) *Ammonium hydroxide solution.*—0,1 per cent (m/v).

10.9.3 *Preparation of standard curve.*—Prepare solutions of benzioc acid in diethyl ether containing respectively 20, 40, 60, 80, 100 and 120 mg per litre. Measure the optical density of these solutions in the spectrophotometer at 267.5 nm (point A), 272.0 nm (point B) and 276.5 nm (point C). Take the average optical density of the minima at points A and C and subtract this value from the maximum optical density at B. Plot a graph of this difference against concentration.

10.9.4 *Procedure.*—Weigh out accurately approximately 10 g of the prepared sample into a separating funnel and add 200 ml of the saturated sodium chloride solution. Make acid to litmus with hydrochloric acid.

10.7.4 *Berekening.*

$$\text{(a) Stikstofgehalte, persent} = \frac{(x-y) \times N \times 1.4}{C}$$

waar

x = volume swawelsuur wat deur die ammoniak van die monster geneutraliseer is, ml
y = volume swawelsuur wat deur die ammoniak van die kontrolebepaling geneutraliseer is, ml
N = normaliteit van die swawelsuur.
C = massa van die monster gebruik, g
(b) Totale visgehalte, persent = stikstofgehalte, persent × 37.5.

10.8 BEPALING VAN RU-STYSELGEHALTE.

10.8.1 *Reagense.*

(a) *Alkoholiese kaliumhidroksiedoplossing.*— 8 persent (m/v).

(b) *Etanol.*—96 persent.

(c) *Asynsuuroplossing.*—5 persent (v/v).

10.8.2 *Werkwyse.*—Weeg noukeurig 20-30 g van die voorbereide monster in 'n 250-ml-beker af, voeg 100 ml alkoholiese kaliumhidroksiedoplossing by en verteer 1-2 uur lank op 'n waterbad totdat die vet verseep en die proteïene gehidroliseer het. Filtreer deur 'n medium-spoedfiltreerpapier onder suiging. Was die residu met etanol totdat die alkohol kleurloos bly. Plaas die residu oor in 'n 100-ml-maatfles met warm 5-persent-asynsuur-oplossing. Koel af, vul tot die regte volume met die asynsuuroplossing aan en skud deeglik om die residu in suspensie te hou.

Pipetteer 'n 25-ml-deelvolume van die suspensie in 100 ml etanol oor in 'n 250-ml-beker. Laat staan totdat die residu afgesak het. Filtreer deur 'n vooraf voorbereide en uitgegloeide Gooch-kroesie en droog totdat die massa konstant bly in 'n oond by 105±2°C. Laat die residu in 'n oond by 700-800° C uitgloei. Koel af en weeg.

10.8.3 *Berekening.*

$$\text{Ru-styselgehalte, persent} = \frac{4(A-B) \times 100}{C}$$

waar

A = massa van die Gooch-kroesie plus gedroogde residu, g.
B = massa van die Gooch-kroesie plus uitgegloeide residu, g.
C = massa van die monster gebruik, g.

10.9 BEPALING VAN BENSOËSUURGEHALTE.

10.9.1 *Apparaat.*—'n Geskikte spektrofotometer voorsien van selle met 'n 10-mm-ligbaan en wat optiese digtheid kan meet by golflengtes van 267.5 nm, 272.0 nm en 276.5 nm.

10.9.2 *Reagense.*

(a) *Soutsuur.*—Gekonsentreer, analitiese reagensgraad.

(b) *Natriumchloriedoplossing.*—'n Versadigde water-oplossing van chemiessuiwer natriumchloried.

(c) *Diëtieleter.*

(d) *Ammoniumhidroksiedoplossing.*—0,1 persent (m/v).

10.9.3 *Teken van standaardgrafiek.*—Berei oplossings van bensoësuur in diëtieleter voor wat onderskeidelik 20, 40, 60, 80, 100 en 120 mg per liter bevat. Meet die optiese digtheid van hierdie oplossing in die spektrofotometer by 267.5 nm (punt A), 272.0 nm (punt B) en 276.5 nm (punt C). Neem die gemiddelde optiese digtheid van die minima by punte A en C en trek hierdie waarde van die maksimum optiese digtheid by punt B af. Teken 'n grafiek van hierdie verskil teen die konsentrasie.

10.9.4 *Werkwyse.*—Weeg ongeveer 10 g van die bereide monster noukeurig in 'n skeitregter af en voeg 200 ml van die versadigde natriumchloriedoplossing by. Suur die oplossing met soutsuur aan totdat dit suur is teenoor lakmoes.

Extract the suspension successively with 70, 50, 40, and 30 ml portions of diethyl ether, shaking well to ensure complete extraction. If necessary, break emulsions by centrifuging or stirring. Discard the aqueous phase and wash the combined ether extracts with 80, 40, and 30 ml portions of dilute hydrochloric acid (1:1000) and discard the hydrochloric acid washings. Extract the ether extracts successively with 50, 40, 30, and 20 ml portions of the ammonium hydroxide solution. Neutralize the combined extracts with the hydrochloric acid, add 1 ml in excess, and extract successively with 70, 50, 30, and 20 ml portions of the diethyl ether. Dilute the combined extracts to 200 ml (or other suitable volume) with diethyl ether and measure the optical density at points A, B, and C as described in 10.9.3. Average the readings obtained at points A and C and subtract the mean from the reading at B. From the result determine from the graph the concentration of benzoic acid in the test sample.

SECTION 11.—INCUBATION AND METHODS OF MICROBIOLOGICAL EXAMINATION

11.1 INCUBATION AND INSPECTION OF CONTAINERS.—Incubate for 14 days at a temperature of 37° C all but one of the containers taken for microbiological examination. Examine these containers externally for evidence of microbiological spoilage and then proceed in accordance with 11.2.

11.2 MICROBIOLOGICAL EXAMINATION.

11.2.1 *Glasware.*—All glassware used in the microbiological examination of the product shall be sterile. After cleaning, plug all test and sampling tubes and flasks with cotton wool or seal them with other suitable closures. Bottles of 30 ml capacity with metal screw caps may be used instead of test tubes. Sterilize all glassware, preferably by the application of dry heat, at a temperature of 170° C for one hour. Where this is not feasible, e.g. when rubber closures have been used, sterilization may be achieved by autoclaving at a temperature of 121° C for 20 minutes.

11.2.2 *Media.*—The following quantities of tubed or bottled media are required for the cultural examination of each container to be examinded:

Medium	Quantity
Glucose nutrient broth	2
Reinforced clostridial medium	2

11.2.3 *Preparation of media.*

11.2.3.1 *Glucose nutrient broth.*—Mix 3 g of beef extract, 5 g of peptone, 10 g of dextrose and 1 000 ml of distilled water. Warm to dissolve, adjust the pH value of the medium to ensure that after sterilization it will be 7,1 ± 0,1, and then dispense 10 ml quantities into tubes or bottles (11.2.1) and sterilize in an autoclave at a temperature of 121° C for 15 minutes.

11.2.3.2 *Reinforced clostridial medium.*—Dissolve (by steaming) 3 g of yeast extract, 10 g of peptone, 10 g of meat extract, 5 g of dextrose, 5 g of sodium acetate (hydrated), 0,5 g of 1-cysteine, 1 g of soluble starch, and 2 g of agar in 1 000 ml of distilled water. Filter through paper pulp and adjust the pH value to 7,4. Dispense 10

Ekstraheer die suspensie agtereenvolgens met hoeveelhede van 70, 50, 40 en 30 ml diëtieleter en skud dit goed om volledige ekstraksie te verseker. Indien nodig, moet emulsies opgebreek word deur dit te sentrifugeer of te roer. Gooi die waterige fase af en was die saamgestelde eterekstrakte met hoeveelhede van 80, 40 en 30 ml verdunde soutsuur (1:1000). Gooi die soutsuurwasoplossings weg. Ekstraheer die eterekstrakte agtereenvolgens met hoeveelhede van 50, 40, 30 en 20 ml van die ammoniumhidroksiedoplossing. Neutraliseer die saamgevoegde ekstrakte met die soutsuur en voeg 1 ml in oormaat by. Ekstraheer agtereenvolgens met hoeveelhede van 70, 50, 30 en 20 ml van die diëtieleter. Verdun die saamgevoegde ekstrakte met diëtieleter tot 200 ml (of 'n ander geskikte volume). Meet die optiese digtheid van die oplossing by die punte A, B en C soos in 10.9.3 beskryf. Bepaal die gemiddelde van die aflesings verkry by punte A en C en trek dit van die lesing by punt B af. Gebruik hierdie waarde om die konsentrasie bensoësuur in die toetsmonster van die grafiek af te lees.

AFDELING 11.—INKUBASIE EN METODES VIR MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK

11.1 INKUBASIE EN ONDERSOEK VAN HOUERS.—Inkubeer op een na al die houers wat vir mikrobiologiese ondersoek geneem is 14 dae lank by 'n temperatuur van 37° C. Ondersoek hierdie houers uitwendig vir tekens van mikrobiologiese bederf en gaan dan volgens 11.2 te werk.

11.2 MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK.

11.2.1 *Glasware.*—Al die glasware wat by die mikrobiologiese ondersoek van die produk gebruik word, moet steriel wees. Nadat hulle skoongemaak is, moet al die flesse, proef- en monsternemingsbuise met watteproppe of ander geskikte proppe verseël word. In plaas van proefbuise kan 30-ml-flesse met metaalskroefdoppe gebruik word. Steriliseer alle glasware, by voorkeur deur die aanwending van droë hitte, 1 uur lank by 'n temperatuur van 170° C. Waar dit nie uitvoerbaar is nie, byvoorbeeld waar rubberproppe gebruik word, kan die glasware 20 minute lank by 'n temperatuur van 121° C in 'n outoklaaf gesteriliseer word:

11.2.2 *Kweekbodems.*—Die volgende getal buise of flesse met kweekbodem is nodig vir die kultuurondersoek van elke houer wat ondersoek moet word.

Kweekbodem	Getal
Voedende glukoseboeljon	2
Versterkte clostridium-kweekbodem	2

11.2.3 *Voorbereiding van kweekbodems.*

11.2.3.1 *Voedende glukoseboeljon.*—Meng 3 g beesvleisekstrak, 5 g peptoon, 10 g dekstrose en 1000 ml gedistilleerde water. Verwarm totdat die mengsel opgelos is en reël die pH-waarde van die kweekbodem om te verseker dat dit na sterilisering 7,1±0,1 sal wees. Meet dan hoeveelhede van 10 ml elk in buise of flesse uit (11.2.1) en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 'n temperatuur van 121° C.

11.2.3.2 *Versterkte clostridium-kweekbodem.*—Los 3 g gisekstrak, 10 g peptoon, 10 g vleisekstrak, 5 g dekstrose, 5 g natriumasetaat (gehidrateer), 0,5 g 1-sisteïen, 1 g oplosbare stysel en 2 g agar in 1 000 ml gedistilleerde water op deur dit te stoom. Filtreer die oplossing deur papierpap en suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan. Meet

ml quantities into tubes or bottles (11.2.1) and sterilize in an autoclave at a temperature of 121° C for 15 minutes. After sterilization check that the pH value is 7,1 ± 0,1.

11.2.3.3 *Peptone water diluent.*—Dissolve (by steaming) 1 g of peptone in 1 000 ml of distilled water. Dispense 100 ml quantities into flasks (11.2.1) and sterilize in an autoclave at a temperature of 121° C for 15 minutes. After sterilization check that the pH value is 7,1 ± 0,1.

11.2.4 *Physical examination and preparation of container.*

11.2.4.1 Note and record all identification marks appearing on the container or label.

11.2.4.2 Remove the label. Record any physical defects such as corrosion, pinholing, dents, imperfect closure, and defective seams. Clearly mark, for subsequent inspection, doubtful points to be given further physical examination after the container has been opened.

11.2.4.3 Clean the outside of the container thoroughly with soap and water. If it is greasy, use a solvent such as petroleum ether.

11.2.4.4 Sterilize the top of the container by using, as described below, a sterilizing solution of the following composition:

Ethanol, 90 per cent (v/v)	1 600 ml
Acetone	120 ml
Diethyl ether	150 ml
Ethyl acetate	25 ml

Flood the top of the container with the sterilizing solution, allow to stand for one minute, and then ignite the solution remaining on the container. Blown containers should, after cleaning as in 11.2.4.3, be thoroughly cleaned with the sterilizing solution, but the solution must not be ignited.

11.2.5 *Sampling of contents.*

11.2.5.1 *Recording of vacuum or pressure.*—After sterilizing the top of the container, pierce the point of opening by means of a sterile vacuum or pressure gauge tip under aseptic conditions and record the reading shown on the gauge. Special precautions shall be taken to admit only sterile air on removal of the gauge from the container. Immediately after removal of the gauge, cover the top of the container with a sterile cover.

11.2.5.2 *Opening of container.*—Enlarge the gauge puncture by means of a sterile instrument, preferably one that will cut a circular disc around the central puncture, or one that will enlarge the puncture to a diameter of 15 to 25 mm.

11.2.5.3 *Removal of inoculum.*—Remove at least 15 g of the product from the container by means of a sterile spoon, sterile cork borer, or sterile glass sampling tube. Transfer the portion of product taken from the spoon, sampling tube or cork borer to a flask of peptone water diluent (11.2.3.3) to which sterile glass beads have been added. Thoroughly mix the material and water by shaking, thus allowing the beads to break up the material. Alternatively transfer the portion of product to a sterile macerator jar containing 100 ml of peptone water diluent (11.2.3.3) and *macerate for not longer than two minutes.* By means of sterile pipettes, introduce 2 ml quantities of the mixture into each of the glucose nutrient broth and reinforced clostridial medium tubes.

hoeveelhede van 10 ml elk in buise of flesse uit (11.2.1) en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 'n temperatuur van 121° C. Sorg dat die pH-waarde na sterilisering 7,1±0,1 is.

11.2.3.3 *Peptoonwaterverdunner.*—Los 1 g peptoon in 100 ml gedistilleerde water op deur dit te stoom. Meet hoeveelhede van 100 ml uit in flesse (11.2.1) en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 'n temperatuur van 121° C. Sorg dat die pH-waarde na sterilisering 7,1±0,1 is.

11.2.4 *Fisiese ondersoek en voorbereiding van houer.*

11.2.4.1 Teken alle identifikasiemerke aan wat op die houer of etiket voorkom.

11.2.4.2 Verwyder die etiket. Teken fisiese gebreke soos korrosie, speldegaatjies, duike, onvoldoende sluiting en defekte synate aan. Maak vir latere ondersoek 'n duidelike merk by alle twyfelagtige punte wat aan 'n verdere fisiese ondersoek onderwerp moet word nadat die houer oopgemaak is.

11.2.4.3 Maak die buitekant van die houer deeglik skoon met water en seep. Gebruik 'n oplosmiddel soos petroleumeter in die geval van vetterige houers.

11.2.4.4 Steriliseer die bo-ent van die houer deur, op die wyse hieronder uiteengesit, 'n steriliseeroplossing met die volgende samestelling te gebruik:

Etanol, 90 persent (v/v)	1 600 ml
Asetoon	120 ml
Diëtieleter	150 ml
Etielasetaat	25 ml

Giet die steriliseeroplossing tot oorlopens toe oor die bo-ent van die houer, laat dit een minuut lank staan en steek dan die oorblywende oplossing op die houer aan die brand. Houers wat opgeblaas het, moet na die skoonmaakproses volgens 11.2.4.3 deeglik met die steriliseeroplossing gereinig word, maar die oplossing moet nie aan die brand gesteek word nie.

11.2.5 *Monsterneming van inhoud.*

11.2.5.1 *Aanteken van vakuüm of druk.*—Na sterilisering van die bo-ent van die houer, deurboor dit in kiemvrye toestande met die punt van 'n gesteriliseerde vakuüm- of drukmeter en teken die meteraflesing aan. Spesiale voorsorgmaatreëls moet getref word om slegs steriele lug in die houer in te laat wanneer die meter uitgetrek word. Bedek die openingspunt van die houer dadelik met 'n geskikte steriele deksel nadat die meter weggeneem is.

11.2.5.2 *Oopmaak van houer.*—Vergroot die gaatjie wat deur die meter gemaak is met 'n geskikte tipe gesteriliseerde instrument, by voorkeur die tipe wat 'n ronde skyf met die gaatjie as middelpunt kan uitsny of een wat die gaatjie se diameter na tussen 15 en 25 mm kan vergroot.

11.2.5.3 *Oorplasing van inokulum.*—Neem minstens 15 g van die produk uit die houer met behulp van 'n gesteriliseerde lepel, gesteriliseerde kurkboorder of gesteriliseerde monsternemingsbuisie van glas. Plaas die monster van die produk wat van die lepel, monsternemingsbuis of kurkboorder geneem is, oor in 'n fles met peptoonwaterverdunner (11.2.3.3) waarby gesteriliseerde glaskrale gevoeg is. Meng die materiaal deeglik met die water deur dit te skud sodat die krale die materiaal laat opbreek. So nie kan die monster van die produk in 'n gesteriliseerde masereerfles met 100 ml peptoonwaterverdunner (11.2.3.3) oorgeplaas en *hoogstens* 2 *minute lank* gemasereer word. Bring dan hoeveelhede van 2 ml van die mengsel met behulp van gesteriliseerde pipette na elke buisie oor wat voedende glukoseboeljon of versterkte clostridium-kweekbodem bevat.

11.2.6 *Incubation of the culture tubes.*—Incubate the culture tubes or bottles as follows:

Glucose nutrient broth: One tube or bottle at a temperature of 32° C for 5 days and one at a temperature of 37° C for 5 days.

Reinforced clostridial medium: One tube or bottle at a temperature of 32° C for 5 days and one at a temperature of 37° C for 5 days.

11.2.7 *Examination.*

11.2.7.1 After incubation examine the culture tubes or bottles and determine whether the organisms isolated are pathogenic types, spoilage types, or organisms liable to cause spoilage of the product during storage.

11.2.7.2 After the contents of the container have been sampled for culturing, make the following examination of the residual contents and of the container and record the findings:

(a) Make a direct smear of the contents, stain it by Gram's method, and examine it microscopically.

(b) Determine the pH value.

(c) Examine the contents for deterioration, discoloration, etc.

(d) Examine the interior of the container for stain, lacquer imperfections, corrosion, etc.

(e) Examine and measure the seams of the container for abnormalities.

11.3 DETERMINATION OF MOULD COUNT OF TOMATO PASTE (HOWARD METHOD).

11.3.1 *Apparatus.*

(a) *Compound microscope.*—A microscope having the following minimum characteristics: Binocular body, revolving nosepiece, achromatic condenser, fine adjustment, and a mechanical stage.

When preparations are examined on a Howard mould-counting cell, the field of view, at a magnification between 90X and 125X, shall be a circle of area 1,5 sq mm. This area, which is of vital importance, is obtained by ensuring that the diameter of the field is 1,382 mm.

(b) *Howard mould-counting cell* (*see Figure* 1).—A glass slide of one-piece construction with a raised flat plane circle *A* of diameter about 19 mm (or a raised rectangle of size 20 × 15 mm) surrounded by a moat that is walled by shoulders *B* that are raised 0,1 mm above the surface *A*. The cover glass *C* is supported on the shoulders *B* thus leaving a space of depth 0,1 mm between the underside of *C* and the surface of *A*. The central plane *A*, shoulders *B* and cover glass *C* have optically worked surfaces. To facilitate calibration of the microscope, some slides are engraved with a circle of diameter 1,382 mm or with two fine parallel lines 1,382 mm apart.

11.2.6 *Inkubasie van die kweekbuisies.*—Inkubeer die kweekbuisies of -flesse soos volg:

Voedende glukoseboeljon: Een buisie of fles 5 dae lank by 'n temperatuur van 32° C en een 5 dae lank by 'n temperatuur van 37° C.

Versterkte clostridium-kweekbodem: Een buisie of fles 5 dae lank by 'n temperatuur van 32° C en een 5 dae lank by 'n temperatuur van 37° C.

11.2.7 *Ondersoek.*

11.2.7.1 Ondersoek die kweekbuisies of -flesse na afloop van die inkubasietydperk en stel vas of die organismes wat geïsoleer is, patogeen of bederwend is of dié soort organisme is wat die produk gedurende opberging kan laat bederf.

11.2.7.2 Voer onderstaande ondersoek op sowel die oorblywende inhoud as die houer uit, nadat monsters van die houer se inhoud vir kultuurkweking geneem is, en teken die bevindings aan:

(a) Maak 'n direkte smeer van die inhoud, kleur dit volgens Gram se metode en ondersoek dit mikroskopies.

(b) Bepaal die pH-waarde.

(c) Ondersoek die inhoud vir verslegting, verandering van kleur, ens.

(d) Ondersoek die binnekant van die houer vir vlekke, vernisfoute, korrosie, ens.

(e) Ondersoek en meet die houernate met die oog op onreëlmatighede.

11.3 BEPALING VAN SKIMMELTELLING VAN TAMATIEPASTA (HOWARD-METODE).

11.3.1 *Apparaat.*

(a) *Saamgestelde mikroskoop.*—'n Mikroskoop wat die volgende minimum eienskappe het: 'n Romp met twee oogstukke, draaineusstuk, achromatiese kondensator, fyn instelling en 'n meganiese voorwerptafel.

Wanneer voorbereiding monsters op 'n Howard-sel vir skimmeltelling ondersoek word, moet die gesigsveld by 'n vergroting van tussen 90X en 125X 'n sirkel met 'n oppervlakte van 1,5 vk mm wees. Hierdie oppervlakte, wat van die allergrootste belang is, word verkry deur seker te maak dat die diameter van die veld 1,382 mm is.

(b) *Howard-sel vir skimmeltelling* (*kyk Figuur* 1).—'n Glasplaatjie bestaande uit een stuk met 'n verhewe plat, gelyk, sirkel vormige vlak *A*, met 'n diameter van ongeveer 19 mm (of 'n verhewe reghoekige vlak, 20 × 15 mm groot), omring deur 'n groefie wat ommuur is met skouers *B*, wat 0,1 mm hoër is as die oppervlak van *A*. Die dekglas *C* rus op die skouers *B*, sodat 'n spasie met 'n diepte van 0,1 mm tussen die onderkant van *C* en die oppervlak van *A gelaat word*. Die sentrale valk *A*, skouers *B* en dekglas *C* het opties bewerkte oppervlakke. Op sommige glasplaatjies is 'n sirkel met 'n diameter van 1,382 mm of twee fyn, parallelle lyne, 1,382 mm van mekaar, gegraveer om die kalibrering van die mikroskoop te vergemaklik.



Figure 1.—Side view of Howard Mould-counting Cell.

Fig. 1.—Syaansig van Howard-sel vir skimmeltelling

11.3.2 *Physical examination of container.*—Record all marks of identification appearing on the container or label.

11.3.3 *Preparation of sample.*—Remove from the unincubated container a portion of tomato paste (approximately 25 ml), transfer it to a clean container, and dilute it with water to make a mixture that has a total solids content of between 8,3 and 9,3 per cent (by mass) or that has a refractive index at 20° C of 1,344 7 to 1,346 0. Mix thoroughly immediately before transference of a drop to the cell.

11.3.4 *Procedure.*—Thoroughly clean the surfaces of the Howard cell with cotton wool dipped in strong hydrochloric acid. Rinse thoroughly with distilled water, then with ethanol, and finally with acetone. Remove all particles of lint and dust with a camel-hair brush. Place *C* in position. Newton's rings must now be observed between the surfaces in contact.

Note.—These coloured bands or rings are the criterion of proper contact; inability to obtain them is an indication of insufficient cleaning of the contact surfaces.

Remove *C*, place a small drop of the well mixed sample on the surface of *A*, and, using a clean knife blade or scalpel, so spread the drop evenly over the surface as to prevent the more liquid parts from being squeezed out around the edge of the disc. Rest *C* against the edge of one of the shoulders *B*, and lower it gently onto the liquid. No liquid should penetrate between the contact surfaces of shoulders *B* and cover glass *C* as this interferes with the proper contact between these surfaces. For this reason avoid the use of an excess of the sample.

Note.—It is of the utmost importance that the drop should be taken from a thoroughly mixed sample and be spread evenly over the surface of *A*, otherwise when *C* is put in place the insoluble material (and consequently the moulds) may be more abundant at the centre of the mount.

Discard any mount that shows uneven distribution, absence of Newton's rings, or the presence of liquid that has been drawn across the moat and under *C*. Place the slide under the microscope and examine it after adjusting it so that each field of view covers 1,5 sq mm. The magnification shall be between 90X and 125X. Examine at least 25 fields in each of 2 or more mounts. Ensure that the fields chosen represent all sections of the mount. Observe each field, noting the presence or absence of mould filaments, and record the results as positive or negative as the case may be. Do not consider any field as positive unless the aggregate length of not more than 3 of the filaments present exceeds approximately one-sixth of the diameter of the field. Report the positive fields as a percentage of the total number of fields examined.

Where the identifying characteristics of any mould filament are not clearly discernible under the 90X to 125X magnification, use a magnification of about 200X to confirm the identity of the filament.

A glass disc which fits into the microscope eyepiece and which is ruled into squares of side equal to 1/6 of the diameter of the field may be used as an aid in the determination of the length of short filaments.

11.3.2 *Fisiese ondersoek van houer.*—Teken identifikasiemerke op die houer of etiket volledig aan.

11.3.3 *Voorbereiding van monster.*—Neem 'n deel van die tamatiepasta (ongeveer 25 ml) uit die ongeïnkubeerde houer, plaas dit oor in 'n skoon houer en verdun dit met water tot 'n mengsel verkry word wat 'n totale vastestofgehalte van tussen 8,3 en 9,3 massapersent het of wat by 20° C 'n brekingsindeks van 1,344 7 tot 1,346 0 het. Meng deeglik onmiddellik voordat 'n druppel na die sel oorgeplaas word.

11.3.4 *Werkwyse.*—Maak die oppervlakke van die Howard-sel deeglik skoon met watte wat in sterk soutsuur gedoop is. Spoel deeglik af met gedistilleerde water, daarna met etanol en ten slotte met asetoon. Borsel alle watte- en stofdeeltjies met 'n kameelhaarborsel af. Plaas *C* in posisie. Newton-ringe moet nou tussen die oppervlakke wat met mekaar in aanraking is, gesien kan word.

Opmerking.—Hierdie gekleurde bande of ringe is die maatstaf vir behoorlike kontak; as hulle nie verkry kan word nie, dui dit daarop dat die kontakoppervlakke nie skoon genoeg gemaak is nie.

Verwyder *C*, plaas 'n druppeltjie van die goed gemengde monster op die oppervlak van *A* en stryk die druppeltjies met behulp van 'n skoon meslem of ontleedmes so egalig oor die oppervlak uit dat dit voorkom dat die meer vloeibare gedeeltes om die kant van die skyf uitgedruk word.

Laat *C* teen die kant van een van die skouers *B* rus en laat dit versigtig op die vloeistof neersak. Geen vloeistof moet tussen die kontakoppervlakte van die skouers *B* en die dekglas *C* indring nie, aangesien dit behoorlike aanraking tussen hierdie oppervlakke belemmer. Moet derhalwe nie te veel van die monster gebruik nie.

Opmerking.—Dit is baie belangrik dat die druppel uit 'n goed gemengde monster geneem en egalig oor die oppervlak van *A* versprei word, anders sal die onoplosbare materiaal (en gevolglik ook die skimmels) in die middel van die montering ophoop wanneer *C* in posisie geplaas word.

Gooi monterings weg waarop die materiaal onegalig versprei is of wat geen Newton-ringe toon nie of waarby vloeistof oor die groefie en onder *C* ingekom het. Plaas die plaatjie onder die mikroskoop en ondersoek dit nadat die mikroskoop so gestel is dat elke gesigsveld 1,5 vk mm beslaan. Die vergroting moet tussen 90X en 125X wees. Ondersoek minstens 25 velde in elk van 2 of meer monterings. Maak seker dat die velde verteenwoordigend is van alle dele van die montering. Ondersoek elke veld en let op die aan- of afwesigheid van skimmeldrade en teken die resultate aan as positief of negatief, na gelang van die geval. Moet geen veld as positief beskou nie, tensy die totale lengte van hoogstens 3 van die aanwesige drade meer as ongeveer een-sesde van die diameter van die veld is. Gee die positiewe velde as 'n persentasie van die totale getal velde wat ondersoek is, aan. Gebruik 'n vergroting van ongeveer 200X om die indentiteit van die skimmeldraad te bevestig, indien die indentifiseringskenmerke daarvan nie duidelik onder die vergroting van 90X-125X waarneembaar is nie.

'n Glasskyfie wat in die oogstuk van die mikroskoop pas en wat in vierkante afgemerk is waarvan die kant gelyk is aan 1/6 van die diameter van die veld, kan gebruik word om die lengte van kort drade te bepaal.

11.4 DETERMINATION OF MOULD COUNT OF TOMATO SAUCE MEDIUM OF FISH CANNED IN TOMATO SAUCE.

11.4.1 *Apparatus.*—As described in 11.3.1 and the following:

(a) *Centrifuge.*—A centrifuge large enough to take 50 ml centrigue tubes and capable of operating at a speed of 1600 r.p.m.

(b) *Waterbath.*—A waterbath or other suitable apparatus capable of maintaining a constant temperature of 90-95° C.

(c) *Sieve.*—A sieve of nominal aperture size 3,35 mm.

(d) *Centrifuge tubes.*—Glass or plastic centrifuge tubes of capacity 50 ml.

11.4.2 *Physical examination of container.*—As described in 11.3.2.

11.4.3 *Preparation of sample.*—Place the unopened unincubated container in the waterbath and heat until the contents are thoroughly warmed; then open.

Strain the contents of the container through the sieve, collecting the tomato sauce in a container. Mix the sauce thoroughly, transfer not more than 50 ml into a centrifuge tube, and centrifuge for 10 to 15 minutes at a speed of 1600 r.p.m. Mark on the tube the level of the lower oil-free sauce layer. Discard the oil and part of the aqueous layer. Add water to the mark and mix thoroughly.

11.4.4 *Procedure.*—As described in 11.3.4.

No. 2278 17 December 1971

STANDARDS ACT, 1962

AMENDMENT OF COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF CANNED CRUSTACEANS

Notice is given in terms of subsection 15 (3) of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962), that the Minister of Economic Affairs intends to withdraw the compulsory standard specification for the manufacture, production, processing or treatment of canned crustaceans published by Government Notice 491 of 28 March 1971, and to substitute therefor the amended compulsory standard specification contained in the schedule hereto.

The purport of this step is to metricate the current compulsory standard specification and to effect certain minor amendments to the text.

Any person who wishes to object to the Minister's intention shall submit his objection in writing to the Director General, South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria, within two months from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF CANNED CRUSTACEANS

(Metric Units)

SECTION 1.—SCOPE

1.1 This specification covers the manufacture, production, processing, or treatment of canned crustaceans.

11.4 BEPALING VAN SKIMMELTELLING VAN TAMATIESOUSVERPAKKINGSMEDIUM VAN INGEMAAKTE VIS IN TAMATIESOUS.

11.4.1 *Apparaat.*—Soos in 11.3.1 beskryf, asook die volgende:

(a) *Sentrifuge.*—'n Sentrifuge wat groot genoeg is om 50-ml-sentrifugeerbuise te bevat en wat teen 'n snelheid van 1600 o/m kan werk.

(b) *Waterbad.*—'n Waterbad of ander geskikte apparaat wat 'n konstante temperatuur van 90-95° C kan handhaaf.

(c) *Sif.*—'n Sif met 'n nominale openingsgrootte van 3,35 mm.

(d) *Sentrifugeerbuise.*—Glas- of plastieksentrifugeerbuise met 'n inhoudsvermoë van 50 ml.

11.4.2 *Fisiese ondersoek van houer.*—Soos in 11.3.2 beskryf.

11.4.3 *Voorbereiding van monster.*—Plaas die ongeopende, ongeïnkubeerde houer in die waterbad en verhit totdat die inhoud deeglik warm is; maak dan oop. Gooi die houer se inhoud deur die sif en vang die tamatiesous in 'n houer op. Meng die sous deeglik, plaas hoogstens 50 ml in 'n sentrifugeerbuis en sentrifugeer 10-15 minute lank teen 'n snelheid van 1600 o/m. Merk die hoogte van die onderste olievrye souslaag op die buis. Gooi die olie en 'n deel van die waterige laag af. Vul aan met water tot by die merk en meng deeglik.

11.4.4 *Werkwyse.*—Soos in 11.3.4 beskryf.

No. 2278 17 Desember 1971

WET OP STANDAARDE, 1962

WYSIGING VAN VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE SKAALDIERE

Kragtens subartikel 15 (3) van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962), word bekendgemaak dat die Minister van Ekonomiese Sake van voorneme is om die verpligte standaardspesifikasie vir die vervaardiging, produksie, bewerking of behandeling van ingemaakte skaaldiere, gepubliseer by Goewermentskennisgewing 491 van 28 Maart 1971, in te trek en deur die gewysigde verpligte standaardspesifikasie in die Bylae vervat, te vervang.

Die betekenis hiervan is dat die bestaande verpligte standaardspesifikasie gemetriseer word en dat sekere geringe wysigings in die teks aangebring word.

Enige persoon wat teen die Minister se voorneme beswaar wil maak, moet sy beswaar binne twee maande na publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik indien by die Direkteur-generaal, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria.

BYLAE

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE SKAALDIERE

(Metrieke Eenhede)

AFDELING 1—BESTEK

1.1 Hierdie spesifikasie dek die vervaardiging, produksie, bewerking of behandeling van ingemaakte skaaldiere.

SECTION 2.—DEFINITIONS

2.1 For th purposes of this specification the following definitions shall apply:

Acceptable.—Acceptable to the authority administering this specification.

Canned crustacean.—The article of food for human consumption obtained by packing the clean, sound, edible meat of crustaceans with or without the addition of seasoning and flavouring materials, water, farinaceous material, and ther ingerdients allowed by this specification, in hermetically sealed containers and maintaining it in sound edible condition by a process of preservation.

Note.—This definition does not include pastes and liquid crustacean preparations.

Container.—A container made of metal, glass rigid plastic, or semi-rigid plastic, or any combination of these.

Crustacean.—Any invertebrate animal breathing by gills and having jointed limbs and a hard segmented exoskeleton or outer shell.

Drained mass.—The mass of the contents of a container after removing sauce or wrapping material and after draining for two minutes on a wirecloth sieve of nominal aperture size 2,00 mm.

Exhausting.—The removal of air from a container and its contents.

Flesh pack.—A pack consisting of the musculature tissues of crustaceans.

Preserve.—Maintain in sound edible condition by the prevention of deterioration, decomposition, or putrefaction.

Product.—Crustacean, canned or in course of preparation for canning, as indicated by the context.

Semi-preserve.—A product requiring refrigeration for continued preservation.

Time-temperature process.—The continuous heat treatment, expressed in terms of time and temperature, applied in the processing of heat-preserved products after the container has been sealed.

SECTION 3.—GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY AND FOR EMPLOYEES

3.1 GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY.—The requirements of the current Factories, Machinery and Building Work Act shall be complied with. In addition the factory, equipment, and water used in the preparation of the product shall comply with the following requirements:

3.1.1 *Construction of and conditions in the factory.*

3.1.1.1 The roof shall be weatherproof.

3.1.1.2 The floor shall be constructed of material impervious to water. Its surface finish shall permit proper cleaning. The floor shall be graded for proper drainage and shall be connected to external gullies, sewers or drains. During production periods the floor and drainage channels shall be kept clean by regular sweeping and flushing with water. At the close of production, thorough cleaning of the floor and drainage channels shall take place. Where necessary, duck-boards shall be provided for workers.

3.1.1.3 The inside surfaces of the walls of processing rooms shall be impervious to water and shall have a smooth, light-coloured, washable finish to a minimum height of 1,8 m above floor level. They shall, where necessary, be thoroughly washed immediately after each day's operations.

AFDELING 2.—WOORDBEPALING

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

Aanneemlik.—Aanneemlik vir die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas.

Deelsgepreserveerde produk.—'n Produk waarby verkoeling vir langdurige preservering vereis word.

Gedreineerde massa.—Die massa van die houer se inhoud wat op 'n metaalgaassif met 'n nominale openinggroote van 2,00 mm agterbly nadat sous of toedraaimateriaal verwyder is en die produk 2 minute lank gedreineer is.

Houer.—'n Houer vervaardig van metaal, glas, stywe of halfstywe plastiek of enige samestelling daarvan.

Ingemaakte skaaldiere.—Die voedsel vir menslike verbruik wat verkry word deur skoon, gesonde, eetbare vleis van skaaldiere met of sonder toevoeging van kruie en geurmiddels, water, meelstof en ander bestanddele deur hierdie spesifikasie toegelaat, in lugdig verseëlde houers te verpak en dit deur 'n preseveringsproses in 'n gesonde, eetbare toestand te behou.

Opmerking.—Hierdie omskrywing sluit nie skaaldiersmeer of vloeibare skaaldierpreparate in nie.

Luguitdrywing.—Die verwydering van lug uit die houer en die inhoud daarvan.

Preserveer.—Bewaar in ongeskonde, eetbare toestand deur voorkoming, van agteruitgang, ontbinding of verrotting.

Produk.—Skaaldiere, ingemaak of in voorbereiding om ingemaak te word, soos blyk uit die sinsverband.

Skaaldier.—'n Ongewerwelde dier wat deur kieue asemhaal en wat geleedpotig is en 'n harde gesegmenteerde huidskelet of dop het.

Tyd-temperatuurproses.—Die deurlopende hittebehandeling, in tyd en temperatuur uitgedruk, wat by verwerking van produkte wat deur hitte gepreserveer word, toegepas word nadat die houer verseël is.

Vleisverpakking.—'n Verpakking wat uit die spierweefsels van skaaldiere bestaan.

AFDELING 3.—ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK EN WERKNEMERS

3.1 ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK.—Daar moet voldoen word aan die vereistes van die geldende Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk. Daarbenewens moet die fabriek, uitrusting en water wat by die bereiding van die produk gebruik word, aan die volgende vereistes voldoen:

3.1.1 *Konstruksie van en toestande in die fabriek.*

3.1.1.1 Die dak moet weerbestand wees.

3.1.1.2 Die vloer moet van materiaal gemaak wees wat ondeurdringbaar is vir water. Die oppervlakafwerking daarvan moet behoorlik skoongemaak kan word. Die vloer moet 'n val hê vir behoorlike dreinering en moet verbind wees met buiteafvoerslootjies, -rioolpype of afvoerkanale. Gedurende produksietye moet die vloer en afvoerkanale skoon gehou word deur dit gereeld te vee en met water af te spoel. Na afloop van produksiewerksaamhede moet die vloer en afvoerkanale deeglik skoongemaak word. Waar nodig, moet staanplanke vir werkers voorsien word.

3.1.1.3 Die binnevlakke van die mure van verwerkingskamers moet ondeurdringbaar wees vir water en moet tot 'n hoogte van minstens 1,8 m bokant die vloer 'n gladde, ligkleurige, wasbare afwerking hê. Waar nodig, moet hulle onmiddellik na elke dag se werksaamhede deeglik afgewas word.

3.1.1.4 Litter, waste and overflow shall be disposed of promptly and efficiently and in a sanitary manner, where possible by mechanical means.

3.1.1.5 General illumination in the factory shall be adequate for effective processing and cleaning.

3.1.1.6 Ventilation in the factory shall effect the removal of excess steam, and shall prevent mould growth and the formation of condensate which may fall into raw materials or the product or on equipment coming into contact with them. If necessary, natural ventilation shall be augmented my mechanical means.

3.1.1.7 Effective measures shall be taken to inhibit mould growth and to remove dust, flaking paint, and other loose or detachable material liable to fall on the product from overhead structures in processing and storage rooms.

3.1.1.8 Effective measures shall be taken to keep the factory free from flies and other insects.

3.1.1.9 All buildings in which raw materials and ingredients are stored or in which the product is manufactured shall be made rodent-proof, and shall be kept free from rodents.

3.1.1.10 Insecticides and rodenticides shall not be used while manufacturing operations are in progress. Working surfaces shall be kept free from insecticidal and rodenticidal residues. Insecticides and rodenticides shall at no time come into contact with containers, raw materials, or the product.

3.1.1.11 The entire discharge and conveyance systems both at the jetty and to the cannery, including weighing devices and elevators, shall be cleared of stagnant water and stale material and shall be cleaned before use.

3.1.1.12 No factory chimney, smoke-room, or motor exhaust shall emit smoke or fumes in a quantity or in a manner which is offensive or injurious or dangerous to health, or causes contamination at any stage in the preparation of the product.

3.1.1.13 Processing plants for the manufacture of by-products shall be effectively separated from the cannery.

3.1.1.14 An adequate number of washbasins with germicidal soap and an adequate supply of clean hot and cold running water shall be provided at every employees' entrance to the preparation or processing areas of the factory.

3.1.1.15 Factory conditions and operations shall at all times be hygienic. Animals shall not be allowed in any part of the factory proper.

3.1.1.16 In the canning factory and its immediate surroundings no operation shall be performed by the factory and no condition shall be present as a result of the activities of the factory that is in any way detrimental to the manufacture, processing, or treatment of canned crustaceans.

3.1.2 *Equipment*

3.1.2.1 All plant, equipment, and utensils coming into contact with the product shall be made of smooth-surfaced, corrosion-resistant material, preferably stainless metal, and they shall be of seamless, sanitary design. Soaking tanks or troughs shall be constructed of corrosion-resistant material impervious to water. Stirrers shall be made of stainless metal and mesh screens of stainless metal or plastic. Utensils used to top up cans shall be of stainless metal or plastic, and shall be provided with acceptable handles. Lead and lead alloys other than solder shall not be used in the construction of equipment coming into contact with

3.1.1.4 Rommel, afval en oorloop moet vinnig, doeltreffend en op 'n higiëniese manier, by voorkeur met meganiese middels, weggeruim word.

3.1.1.5 Die algemene verligting in die fabriek moet toereikend wees vir doeltreffende verwerking en skoonmaak.

3.1.1.6 Die ventilasie in die fabriek moet oormatige stoom verwyder en skimmelgroei en die vorming van kondensaat verhoed wat in die grondstowwe of die produk of op uitrusting wat daarmee in aanraking kom, kan drup. Indien nodig, moet natuurlike ventilasie op meganiese wyse aangevul word.

3.1.1.7 Doeltreffende maatreëls moet getref word om skimmelgroei te verminder en om stof, afskilferende verf en ander los materiaal wat van bostrukture in verwerkings- en bewaarkamers op die produk kan val, te verwyder.

3.1.1.8 Doeltreffende maatreëls moet getref word om vlieë en ander insekte uit die fabriek te hou.

3.1.1.9 Alle geboue waarin grondstowwe en bestanddele bewaar word, of waarin die produk vervaardig word, moet knaagdierdig gemaak wees en vry van knaagdiere gehou word.

3.1.1.10 Insek- en knaagdierdoders mag nie gebruik word terwyl vervaardiging aan die gang is nie. Werkvlakke moet vry van insek- en knaagdierdodende residue gehou word. Insek- en knaagdierdoders mag nooit met houers, grondstowwe of die produk in aanraking kom nie.

3.1.1.11 Die hele aflaai- en vervoerstelsel, sowel by die kaai as na die inmakery, met inbegrip van weegtoestelle en hystoestelle, moet voor gebruik skoongemaak word en staande water en ou materiaal moet verwyder word.

3.1.1.12 Geen fabriekskoorsteen, berokingskamer, of masjienuitlaatpyp mag rook of dampe afgee in hoeveelhede of op 'n wyse wat aanstootlik of skadelik of gevaarlik vir die gesondheid is of wat besoedeling in enige stadium van die voorbereiding van die produk veroorsaak nie.

3.1.1.13 Verwerkingsinstallasies vir die vervardiging van neweprodukte moet behoorlik van die inmakery afgesonder wees.

3.1.1.14 By elke werknemersingang tot die voorbereidings- of verwerkingsafdelings van die fabriek moet 'n toereikende aantal wasbakke met kiemdodende seep en voldoende skoon warm en koue lopende water voorsien wees.

3.1.1.15 Fabriekstoestande en -aktiwiteite moet te alle tye higiënies wees. Geen diere mag in enige deel van die werklike fabriek toegelaat word nie.

3.1.1.16 In die inmaakfabriek en die onmiddellike omgewing daarvan mag geen handeling deur die fabriek uitgevoer word en mag geen toestand heers as gevolg van die werksaamhede van die fabriek wat op enige wyse vir die vervaardiging, verwerking of behandeling van ingemaakte skaaldiere nadelig is nie.

3.1.2 *Uitrusting.*

3.1.2.1 Alle installasies, uitrusting en gereedskap wat met die produk in aanraking kom, moet van korrosiebestande materiaal met 'n gladde oppervlak, verkieslik vlekvrye metaal, gemaak wees en moet 'n naatlose, higiëniese ontwerp hê. Weektenks of -trôe moet van korrosiebestande, waterdigte materiaal gemaak wees. Roerders moet van vlekvrye metaal gemaak wees en maassiwwe van vlekvrye metaal of plastiek. Gereedskap om blikke mee op te vul, moet van vlekvrye metaal of plastiek wees en moet van aanneemlike handvatsels voorsien wees. Lood en loodlegerings, uitgesonderd soldeersel, mag nie gebruik word vir die konstruksie van

raw materials or the unprotected product at any stage in its manufacture. Except that the use of removable hardwood cutting blocks is permissible, wood shall not be used for tail-breaking and gut-removal tables. The tops of all preparation and packing tables shall be made of or be covered with seamless, stainless metal or other seamless, corrosion-resistant material with surface characteristics similar to stainless metal and impervious to water. The tops of tables shall allow rapid and effective drainage and shall be free from cracks and crevices. Wicker baskets may be used in unloading lobster from the fishing vessel.

3.1.2.2 All plant, equipment, and utensils shall be kept clean and in good repair. Cleaning and disinfecting materials, hot and cold running water or saturated steam, hose piping, brushes, and other requisites necessary for the cleaning of plant, equipment, and utensils shall be available. Plant, equipment, and utensils may be disinfected by the application of hypochlorite or other suitable disinfecting solution. The entire processing system shall be thoroughly cleaned at the end of each shift, and at the end of operations the entire processing system shall be thoroughly cleaned and disinfected, care being taken to ensure that the disinfectant solution is allowed an adequate period of contact with the surfaces. The entire processing system shall then be flushed with water complying with the requirements of 3.1.3 and shall be clean immediately before further use.

3.1.2.3 Containers, when filled or partially filled with food materials, shall not be filled or stacked in a manner which allows contamination of the food materials in one container from the bottoms of the containers stacked above it. Containers holding food materials shall not rest directly on the floor.

3.1.2.4 Utensils used in the preparation of the product shall not be removed from the factory by employees except for repair or replacement.

3.1.2.5 Wrapping material shall be dispensed from corrosion-resistant containers of hygienic design.

3.1.2.6 Steam retorts shall be equipped with the following fittings, which shall be maintained in good working order:

(a) A controller, either manually or mechanically operated, to maintain the processing temperature accurately. This requirement is not compulsory for the first cook.

(b) At least one accurately calibrated indicating mercury-in-glass thermometer.

(c) A recording thermometer with time-temperature charts, which after use shall be kept for a period of at least 2 years.

(d) A pressure gauge.

(e) A vent or vents with a tap or taps in the top of the retort.

(f) A bleeder in each thermometer pocket.

(g) At least one bleeder in the top of the retort.

(h) Where an automatic controller is used, a steam bypass around the controller to make a rapid rise to the processing temperature possible.

(i) An effective safety valve.

3.1.2.7 Stores capable of contaminating the product and spare parts for machinery shall be kept away from the processing area. Except when in a prepared and neatly packaged form edible raw materials other than crustaceans shall be kept in clean closed containers in a separate store.

uitrusting wat in enige stadium tydens die vervaardigingsproses met grondstowwe of die onbeskermde produk in aanraking kom nie. Die tafels waarop die sterte gebreek en die ingewande verwyder word, mag nie van hout wees nie, maar verwyderbare snyplanke van haderhout is toelaatbaar. Die blaaie van voorbereidings- en verpakkingstafels moet gemaak wees van of bedek wees met naatlose vlekvrye metaal of ander naatlose korrosiebestande waterdigte materiaal wat soortgelyke oppervlakeienskappe as vlekvrye metaal besit. Die blaaie van tafels moet vinnige en effektiewe dreinering moontlik maak en moet sonder krake en barste wees. Rietmandjies kan gebruik word wanneer kreef van die visvaartuig afgelaai word.

3.1.2.2 Alle installasies, uitrusting en gereedskap moet skoon en in 'n goeie toestand gehou word. Skoonmaak- en ontsmettingsmiddels, warm en koue lopende water of nat stoom, waterslange, borsels en ander benodigdhede vir die skoonmaak van installasies, uitrusting en gereedskap moet beskikbaar wees. Die installasies, uitrusting en gereedskap kan ontsmet word met hipochloriet of 'n ander geskikte ontsmettingsoplossing. Die hele verwerkingstelsel moet aan die einde van elke skof deeglik skoongemaak word en na afloop van die werksaamhede moet die hele verwerkingstelsel deeglik skoongemaak en ontsmet word en daar moet toegesien word dat die ontsmettingsoplossing lank genoeg met die oppervlakke in aanraking bly. Die hele verwerkingstelsel moet dan afgespoel word met water wat aan die vereistes van 3.1.3 voldoen en moet skoon wees onmiddellik voordat dit verder gebruik word.

3.1.2.3 Houers wat heeltemal of gedeeltelik met voedselstowwe gevul is, mag nie so gevul of opgestapel word dat die voedselstowwe in een houer deur die boom van die houers wat daarop gestapel is, besoedel kan word nie. Houers wat voedselstowee bevat, mag nie regstreeks op die vloer staan nie.

3.1.2.4 Gereedskap wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, mag nie deur werknemers uit die fabriek verwyder word nie, behalwe as dit herstel of vervang moet word.

3.1.2.5 Toedraaimateriaal moet uit korrosiebestande houers van higiëniese ontwerp geneem word.

3.1.2.6 Stoomretorte moet voorsien wees van die volgende toebehore, wat in 'n werkende toestand gehou moet word:

(a) 'n Reguleerder, hetsy meganies of met die hand beheer, waarmee die verwerkingstemperatuur akkuraat beheer kan word. Hierdie vereiste is nie vir die eerste kookproses verpligtend nie.

(b) Minstens een akkuraat gekalibreerde kwik-in-glastermometer.

(c) 'n Registreertermometer met tyd-temperatuurkaarte, wat na gebruik minstens 2 jaar lank gehou moet word.

(d) 'n Drukmeter.

(e) 'n Lugklep of lugkleppe met 'n kraan of krane bo in die retort.

(f) 'n Uitlaatklep in elke termometerhouer.

(g) Minstens een uitlaatklep bo in die retort.

(h) Waar 'n outomatiese reguleerder gebruik word, 'n stoomomloopleiding rondom die reguleerder om 'n vinnige styging tot die verwerkingstemperatuur moontlik te maak.

(i) 'n Doeltreffende veiligheidsklep.

3.1.2.7 Voorrade wat die produk moontlik kan besoedel en masjienonderdele moet uit die verwerkingsafdeling gehou word. Behalwe as dit voorberei en netjies verpak is, moet eetbare grondstowwe, uitgesonderd skaaldiere, in skoon, toe houers in 'n afsonderlike pakkamer gehou word.

3.1.2.8 Where used, cold storage facilities shall operate effectively and shall be hygienic. Measures shall be taken to prevent the flaking of paint on ceilings and walls. Products shall not be stacked directly on the floors.

3.1.2.9 The labelling section shall at all times be neat and tidy and the procedures followed shall be such as to preclude the possibility of confusion between different products.

3.1.3 *Water for processing, washing and plant cleaning purposes.*

3.1.3.1 *General.*—Every factory shall have a supply of clean potable water free from suspended matter and substances that are deleterious to the product or injurious to health. All water coming into contact with the product (where appropriate, after its removal from the shell) shall have been treated by flocculation, filtration, chlorination, or other process to ensure the absence of *E. Coli* I. To comply with these requirements the water shall, if necessary be continuously chlorinated before use in accordance with 3.1.3.2.

3.1.3.2 *Chlorination.*

(a) *Water for processing.*—In addition to complying with the requirements of 3.1.3.1, water used in the manufacture of the product and water (other than container cooling water) used to wash equipment and plant with which the product comes into contact during processing and manufacture shall, unless it already contains at least 2 parts per million of free residual chlorine, be continuously chlorinated to contain a minimum of 2 parts per million of free residual chlorine at the point of use.

Where water thus treated affects the product deleteriously in any way the water shall be dechlorinated immediately before use. In the case of brine solutions held continuously prior to filling at a temperature not below 75° C, the use of chlorinated water in the preparation of the brine is not essential.

(b) *Water for cleaning.*—Water used for the cleaning of plant and equipment after processing shall be continuously chlorinated to contain a minimum of 2 parts per million of free residual chlorine or, alternatively, it shall contain such germicidal substances as will ensure sanitation of plant and equipment.

(c) *Water for container cooling.*—In addition to complying with 3.1.3.1, water used for container cooling and which is not recirculated shall be continuously chlorinated to contain a minimum of 2 parts per million of free residual chlorine measured at the retort inlet. Where water for container cooling is recirculated it shall, before recirculation, be treated to remove solids and then chlorinated to ensure after a contact period of at least 20 minutes a minimum free residual chlorine content of 2 parts per million at the retort inlet.

In all cases free residual chlorine concentration shall be determined by the orthotolidine flash test (5 seconds) or other test of equivalent sensitivity.

3.1.4 *Comfort features.*—Adequate dressing rooms, shower baths, washbasins, and sanitary facilities shall be provided. Ample hot and cold fresh running water, clean disposable towels, nail brushes, toilet tissue and germicidal soap shall be available to employees.

3.1.2.8 Waar koelkamers gebruik word, moet hulle doeltreffend en higiënies wees. Maatreëls moet getref word om die afskilfering van verf aan plafonne en mure te voorkom. Produkte mag nie regstreeks op die vloere gepak word nie.

3.1.2.9 Die etiketteerafdeling moet te alle tye netjies en aan die kant wees en die werkwyse wat gevolg word, moet van so 'n aard wees dat dit die moontlikheid van verwarring tussen verskillende produkte uitsluit.

3.1.3 *Water vir verwerkings-, was- en installasieskoonmaakdoeleindes.*

3.1.3.1 *Algemeen.*—Elke fabriek moet 'n voorraad skoon, drinkbare water hê wat vry is van stowwe in suspensie en stowwe wat skadelik is vir die produk en nadelig is vir die gesondheid. Alle water wat in aanraking kom met die produk (waar toepaslik, na verwydering daarvan uit die skulp) moet deur middel van uitvlokking, filtrering, chlorering of 'n ander proses behandel word om die afwesigheid van *E. Coli* I te verseker. Om aan hierdie vereistes te voldoen, moet die water waar dit nodig is voor gebruik aanhoudend volgens 3.1.3.2 gechloreer word.

3.1.3.2 *Chlorering.*

(a) *Water vir verwerking.*—Benewens die voldoening aan die vereistes van 3.1.3.1 moet water wat vir die vervaardiging van die produk gebruik word en water (uitgesonderd water vir houerverkoeling) wat gebruik word om die uitrusting en installasie waarmee die produk tydens verwerking en vervaardiging in aanraking kom te was, tensy dit reeds minstens 2 dele per miljoen vry oorblywende chloor bevat deurlopend gechloreer word sodat dit 'n minimum van 2 dele per miljoen vry oorblywende chloor by die gebruikspunt bevat.

Indien water wat aldus behandel is, die produk op enige manier benadeel, moet die water onmiddellik voor gebruik ontchloor word. In die geval van pekeloplossings wat voor vulling aanhoudend by 'n temperatuur van minstens 75° C gehou word, is die gebruik van gechloreerde water vir die bereiding van die pekel nie noodsaaklik nie.

(b) *Water vir skoonmaak.*—Water wat gebruik word om die installasie en uitrusting na verwerking skoon te maak, moet deurlopend gechloreer word sodat dit 'n minimum van 2 dele per miljoen vry oorblywende chloor bevat; so nie moet dit sodanige kiemdodende stowwe bevat dat daar verseker word dat die installasie en uitrusting in 'n higiëniese toestand is.

(c) *Water vir verkoeling van houers.*—Benewens die voldoening aan die vereistes van 3.1.3.1, moet water wat vir die verkoeling van houers gebruik word en wat nie hersirkuleer word nie, deurlopend gechloreer word sodat dit 'n minimum van 2 dele per miljoen vry oorblywende chloor, by die retortinlaat gemeet, bevat. Indien water vir die verkoeling van die houers hersirkuleer word moet dit, voor hersirkulasie, behandel word om vaste stowwe te verwyder en moet dit dan gechloreer word om te verseker dat dit na 'n kontakperiode van minstens 20 minute, 'n minimum van 2 dele per miljoen vry oorblywende chloor, by die retortinlaat gemeet, bevat.

In alle gevalle moet die konsentrasie van vry oorblywende chloor met behulp van die ortotolidienflitstoets (5 sekondes) of 'n ander ewe gevoelige toets bepaal word.

3.1.4 *Geriewe.* — Toereikende kleedkamers, stortbaddens, wasbakke en sanitêre geriewe moet verskaf wees. Genoeg warm en koue vars lopende water, skoon papierhanddoeke, naelborsels, toiletpapier en kiemdodende seep moet beskikbaar wees vir werknemers.

3.2 REQUIREMENTS FOR EMPLOYEES ENGAGED IN THE PREPARATION AND PROCESSING OF THE PRODUCT.

3.2.1 No person who—

(a) after having been called upon to submit to a medical examination, has refused to do so, *or*

(b) has not on engagement or after an absence of 10 days or more due to illness submitted a satisfactory medical certificate of health, or passed a medical examination, *or*

(c) has been certified as suffering from any infectious or contagious disease or as being a carrier of disease, *or*

(d) is suffering or is suspected of suffering from any illness, infection or injury capable of contaminating raw materials or the product, shall be allowed to handle raw materials or the product in the course of preparation.

3.2.2 No employee who is suffering from a hand or a face injury, a suppurating skin infection, or a clinically recognizable infectious disease, or who is wearing a bandage, plaster, or other protective covering for a hand or arm injury or a suppurating skin infection, shall be allowed to handle raw materials or the product, except that a minor hand or finger injury completely protected by a waterproof, well-secured glove may be tolerated.

3.2.3 Neither workers' personal effects nor their food shall be present in the preparation, processing, and packing areas of the factory. No food shall be prepared or consumed by personnel in these areas.

3.2.4 Spitting and the use of tobacco in any form shall be prohibited within the preparation, processing and packing areas of the factory. Notices to this effect shall be prominently displayed. Containers used either in the preparation or in the canning of the product shall not be used for drinking purposes.

3.2.5 All employees engaged in the preparation and processing areas of the factory shall wear clean light-coloured protective clothing and waterproof aprons and clean light-coloured washable caps to cover their hair. Waterproof protective clothing shall be of plastic or rubber. Overalls shall completely cover the personal clothing of employees. Sleeves shall not extend below the elbow except where acceptably covered by plastic sleevelets. All protective clothing shall be in good repair. Protective clothing shall not be stored in workrooms; when not in use it shall be kept in change-rooms and shall not be removed from the premises except for laundering. Waterproof protective clothing shall be taken off and suspended from hooks at plant exits during work intervals and visits to sanitary conveniences.

3.2.6 Employees shall keep their fingernails short and clean, and shall wash their hands with water and germicidal soap or in a detergent solution before commencing work and after each absence from the factory processing area. Varnish or lacquer shall not be used on fingernails. Wristlet watches and jewellery shall not be worn.

3.2 VEREISTES VIR WERKNEMERS BETROKKE BY DIE VOORBEREIDING EN VERWERKING VAN DIE PRODUK.

3.2.1 Geen persoon—

(a) wat geweier het om hom aan 'n mediese ondersoek te onderwerp nadat hy aangesê is om dit te doen, *of*

(b) wat nie na indiensneming of na afwesigheid van 10 dae of langer as gevolg van siekte 'n bevredigende mediese sertifikaat ingedien het of in 'n mediese ondersoek geslaag het nie, *of*

(c) waarvan daar gesertifiseer is dat hy aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly of dat hy 'n draer van 'n siekte is, *of*

(d) wat ly of vermoedelik ly aan 'n siekte, besmetting of besering wat grondstowwe of die produk moontlik kan besoedel,

mag toegelaat word om grondstowwe of die produk gedurende die voorbereiding daarvan te hanteer nie.

3.2.2 Geen werknemer wat aan 'n hand- of gesigbesering, 'n etterende velinfeksie of 'n klinies herkenbare aansteeklike siekte ly, of wat 'n verband, pleister of ander beskermende bedekking oor 'n hand- of armbesering of 'n etterende velinfeksie dra, mag toegelaat word om grondstowwe of die produk te hanteer nie. Die gebruik van 'n waterdigte, styfpassende handskoen wat 'n geringe hand- of vingerbesering volkome bedek, is egter toelaatbaar.

3.2.3 Nòg die werknemers se persoonlike besittings nòg hul voedsel mag in die voorbereidings-, verwerkings- of verpakkingsafdelings van die fabriek gehou word. Geen voedsel mag in hierdie afdelings deur die personeel voorberei of genuttig word nie.

3.2.4 Spoeg en die gebruik van tabak, in watter vorm ook al, binne die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsafdelings van die fabriek is verbode. Kennisgewings te dien effekte moet opvallend vertoon wees. Houers wat by die voorbereiding of die inmaak van die produk gebruik word, mag nie gebruik word om uit te drink nie.

3.2.5 Alle werknemers wat in die voorbereidings- en verwerkingsafdelings van die fabriek werksaam is, moet skoon ligkleurige beskermende klere en waterdigte voorskote en skoon ligkleurige wasbare pette dra om hul hare te bedek. Waterdigte beskermende klere moet van plastiek of rubber gemaak wees. Oorklere moet die werknemers se persoonlike klere heeltemal bedek. Moue mag nie tot onderkant die elmboog reik nie, behalwe waar dit op aanneemlike wyse met plastiekoortrekmoue bedek is. Alle beskermende klere moet heel gehou word en mag nie in werkvertrekke bewaar word nie; wanneer dit nie in gebruik is nie, moet dit in kleedkamers gehou word en nie van die perseel verwyder word nie, behalwe om gewas te word. Waterdigte beskermende klere moet gedurende werkpouses en besoeke aan toiletgeriewe uitgetrek en aan hake by werkvertrekuitgange gehang word.

3.2.6 Werknemers moet hul vingernaels kort en skoon hou en moet, voordat hulle begin werk en na elke afwesigheid uit die verwerkingsafdeling van die fabriek, hul hande met water en kiemdodende seep of in 'n detergentoplossing was. Naelvernis of -lak mag nie op vingernaels gebruik word nie. Polshorlosies en juweliersware mag nie gedra word nie.

SECTION 4.—INGREDIENT REQUIREMENTS

4.1 CONDITION OF INGREDIENTS.—All crustaceans and other ingredients shall be clean and sound, of good quality and appearance, and in every way fit for human consumption. All ingredients shall be stored well protected against insects and rodents.

4.2 PREPARATION OF FLESH.—The flesh shall be neatly trimmed and free from pieces of shell, swimmeret, barnacle shell, and all other matter that is not flesh. Viscera, including the anal canal, shall be entirely removed where practicable. As much as possible of the natural pigment shall be retained on the flesh. In the treatment of the flesh before canning, precautions shall be taken to avoid where possible the development of brown or other discoloration and of green, yellow, or other staining.

4.3 SALT. Salt added to the product or used in the preparation of brine for canning shall be edible and free from bitterness due to calcium, magnesium, sulphate, or other cause.

4.4 ADDITIVES AND SEASONING AND FLAVOURING SUBSTANCES.—Harmless additives and seasoning and flavouring substances permitted for use in foods in accordance with the regulations under the current Food, Drugs and Disinfectants Act may be used in the preparation of the product. Such additives and substances shall be free from foreign matter and adulterants.

4.5 GELATINE.—Gelatine shall comply with the requirements of the regulations under the current Food, Drugs and Disinfectants Act.

4.6 AGAR-AGAR.—The agar-agar used shall be specially prepared for use in foodstuffs.

4.7 STARCHY (FARINACEOUS) MATERIALS.—Thickeners used in the preparation of sauce shall be cereal or other wholesome edible starchy flour.

4.8 MILK POWDER.—Milk powder shall be pure, fresh, and sweet and shall not have a total bacterial count in excess of 50 000 organisms per gram. When examined, 1 gram of the powder shall not contain *E. Coli I.*

4.9 SWEETENING INGREDIENTS.—Sucrose, dextrose and liquid glucose may be used as sweetening ingredients. These ingredients shall comply with the regulations under the current Food, Drugs and Disinfectans Act.

4.10 PRESERVATIVES.—Preservatives shall be specially prepared for use in foodstuffs.

4.11 GENERAL.—All ingredients used shall fal within the scope of and shall comply with the requirements of the current Food, Drugs and Disinfectants Act and any regulations promulgaged thereunder.

SECTION 5.—REQUIREMENTS FOR THE PRODUCT

5.1 GENERAL REQUIREMENTS.

5.1.1 *Colour and appearance of pack.*—The product shall be attractive and characteristic in colour and appearance. Apart from pigmented areas flesh shall (after removal of sauce, where applicable) be white or just off-white, and shall have a fresh bloom. The pigment of flesh shall be reasonably bright and natural. As far as possible the product shall be free from livid whiteness, and discoloration including blueing and staining. In plain packs the liquid shall be reasonably clear and colourless or at the most not darker than pale pink.

AFDELING 4.—VEREISTES VIR DIE BESTANDDELE

4.1 TOESTAND VAN BESTANDDELE.—Skaaldiere en ander bestanddele moet altyd skoon en gesond, van goeie gehalte en voorkoms, en in elke opsig geskik vir menslike verbruik wees. Alle bestanddele moet so bewaar word dat dit behoorlik teen insekte en knaagdiere beskerm is.

4.2 VOORBEREIDING VAN DIE VLEIS.—Die vleis moet netjies reggesny wees en vry wees van stukkies dop, swempootjies, eendemosselskulp en alle ander stowwe wat nie vleis is nie. Ingewande, met inbegrip van die anale kanaal, moet, waar moontlik, heeltemal verwyder wees. Soveel moontlik van die natuurlike pigment moet aan die vleis behoue bly. By die behandeling van die vleis voor inmaak, moet voorsorgmaatreëls getref wees om, waar moontlik, die ontwikkeling van bruin- of ander verkleuring en die vorming van groen, geel of ander vlekke uit te skakel.

4.3 SOUT.—Sout wat by die produk gevoeg word of by die bereiding van pekel vir inmaakdoeleindes gebruik word, moet eetbaar wees en geen bitter smaak hê wat deur kalsium, magnesium, sulfaat of iets anders veroorsaak word nie.

4.4 BYVOEGINGS, KRUIE EN GEURMIDDELS.—Onskadelike byvoegings, kruie en geurmiddels wat vir gebruik in voedsel toegelaat word deur die regulasies ingevolge die geldende Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, kan by die bereiding van die produk gebruik wees. Dit moet vry wees van vreemde stowwe en vervalsingsmiddels.

4.5 GELATIEN.—Gelatien moet voldoen aan die vereistes van die regulasies ingevolge die geldende Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels.

4.6 AGAR-AGAR.—Die agar-agar wat gebruik word, moet spesiaal vir gebruik in voedselstowwe berei wees.

4.7 STYSELAGTIGE MATERIAAL (MEELSTOF).—Slegs graan of 'n ander voedsame, eetbare styselmeel mag as bindmiddels by die bereiding van sous gebruik wees.

4.8 MELKPOEIER.—Melkpoeier moet suiwer, vars en soet wees en 'n totale bakterietelling van hoogstens 50 000 organismes per gram hê. By ondersoek moet 1 g van die poeier geen *E. Coli* I bevat nie.

4.9 VERSOETMIDDELS.—Sukrose, dekstrose en vloeibare glukose kan as versoetmiddels gebruik wees. Hierdie bestanddele moet voldoen aan die regulasies ingevolge die geldende Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels.

4.10 PRESERVEERMIDDELS. — Preserveermiddels moet spesiaal vir gebruik in voedsel berei wees.

4.11 ALGEMEEN.—Die bestanddele wat gebruik word, moet binne die bestek val en aan die vereistes voldoen van die geldende Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels en enige regulasies ingevolge daarvan afgekondig.

AFDELING 5.—VEREISTES VIR DIE PRODUK

5.1 ALGEMENE VEREISTES.

5.1.1 *Kleur en voorkoms van verpakte produk.*—Die produk moet aantreklik lyk en die kleur en voorkoms moet kenmerkend wees. Behalwe op dele waar pigment voorkom, moet die vleis (na verwydering van die sous, indien van toepassing) wit of amper wit wees en moet vars lyk. Die pigment van die vleis moet redelik helder en natuurlik wees. Sover moontlik moet die vleis nie doodswit wees nie en vry wees van verkleuring, met inbegrip van blouverkleuring en vlekke. In die geval van skaaldiere wat as 'n natuurlike produk verpak is, moet die vloeistof redelik helder en kleurloos, of, op sy ergste, nie donkerder as ligroos wees nie.

5.1.2 *Odour and flavour.*—The odour of the pack shall be fresh and sweet and the flavour characteristic. The product shall not be insipid. Salt added to the product in canning shall only accentuate the natural flavour and not give a salty taste. Off-flavours and off-odours shall not be presnt.

5.1.3 *Texture.*—The flesh shall be characteristically firm yet tender; it shall not be soft or soggy.

5.1.4 *Freedom from defects.*—The product shall be free from inedible parts, shell, swimmeret, barnacle shell, seaweed, dirt, grit, and other extraneous material. Not more than traces of blood may be present.

5.1.5 *Artificial colouring matter.*—No artificial colouring matter shall be present in the product.

5.1.6 *Anti-oxidants.*—The product shall be free from anti-oxidants other than citric and ascorbic acids, which may be used either singly or together.

5.1.7 *Preservatives.*—Except in the case of semi-preserves, preservatives shall not be present in the product. The use of preservatives in semi-preserves shall be subject to the requirements of the Regulations under the current Food, Drugs and Disinfectants Act.

5.1.8 *Fill of container.*—Containers shall be filled to practical capacity, overfilling being avoided.

5.1.9 *General.*—Limits set for the use of ingredients by the regulations under the current Foods, Drugs and Disinfectants Act shall be adhered to.

5.2. PACKING REQUIREMENTS.

5.2.1 *Flesh packs.*

5.2.1.1 *Packing media.*—The product may be packed dry, or in a medium consisting of brine, clear liquid bouillon, agar-agar or gelatine jelly, or in suitable sauce.

5.2.1.2 *Mode of packing.*

(a) *General.*—The product may be wrapped in clean parchment paper, cellulose film or similar suitable liner.

(b) *Lobster and rock lobster tails.*—In the packing of lobster and rock lobster tails, a small additional portion of tail flesh may be introduced to adjust the fill of the container. Whole or half tails shall be neatly folded or arranged with as much as possible of the red pigment of the epidermis of the flesh visible on the outside.

(c) *Lobster and rock lobster tails with other meat.*—The contents of the container shall be neatly and uniformly arranged. The tails shall be folded and packed around the other meat, the latter being centred in the container as far as possible. As much as possible of the pigment of the tails and other meat shall be visible.

(d) *Shrimps and prawns.*—Shrimps and prawns, where packed as such, shall be the relatively intact bodies of these crustaceans after removal of the head, tailfin and shell. They shall be neatly packed.

(e) *Limb and body meat of lobster, rock lobster and crab.*—Where packed in pieces retaining to a large extent their original shape and size, the meat shall be neatly arranged in the container with as much as possible of the pigmented surfaces uppermost. Where the product is described only as "meat", this requirement shall not apply.

5.1.2 *Reuk en smaak.*—Die reuk van die produk moet vars en aangenaam en die smaak kenmerkend wees. Die produk moet nie smaakloos wees nie. Sout wat tydens inmaak by die produk gevoeg word, moet net die natuurlike smaak na vore bring en nie 'n soutsmaak nalaat nie. Geen bysmake en vreemde reuke mag aanwesig wees nie.

5.1.3 *Tekstuur.*—Die vleis moet kenmerkend stewig dog sag wees; dit mag nie pap of waterig wees nie.

5.1.4 *Afwesigheid van gebreke.*—Die produk moet vry wees van oneetbare gedeeltes, stukke dop, swempootjies, eendemosselskulp, seewier, vuiligheid, grint en ander vreemde stowwe. Daar mag hoogstens spore van bloed aanwesig wees.

5.1.5 *Sintetiese kleurstowwe.*—Geen sintetiese kleurstowwe mag in die produk aanwesig wees nie.

5.1.6 *Anti-oksideermiddels.*—Die produk moet vry wees van anti-oksideermiddels, uitgesonderd sitroen- en askorbiensuur, wat alleen of gesamentlik gebruik mag word.

5.1.7 *Preserveermiddels.*—Behalwe in die geval van halfgepreserveerde produkte, mag geen preserveermiddels in die produk aanwesig wees nie. Die gebruik van preserveermiddels by halfgepreserveerde produkte is onderworpe aan die vereistes van die regulasies ingevolge die geldende Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels.

5.1.8 *Volheid van houers.*—Houers moet so vol as prakties moontlik wees maar mag nie oorvol wees nie.

5.1.9 *Algemeen.*—Daar moet gehou word aan beperkings wat deur die regulasies kragtens die geldende Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels op die gebruik van bestanddele, gestel is.

5.2 VERPAKKINGSVEREISTES.

5.2.1 *Vleisverpakkings.*

5.2.1.1 *Verpakkingsmedia.*—Die produk kan droog verpak wees of in 'n medium wat uit pekel, helder vloeibare boeljon, agar-agar- of gelatienjellie bestaan of in 'n geskikte sous.

5.2.1.2 *Verpakkingswyse.*

(a) *Algemeen.*—Die produk kan in skoon perkamentpapier, sellulosefilm of 'n ewe geskikte materiaal toegedraai word.

(b) *Kreefsterte.*—By die verpakking van kreefsterte mag 'n klein bykomende stukkie stertvleis bygevoeg word om die houer vol te maak. Heel of halwe sterte moet netjies gevou word of só gerangskik wees dat soveel moontlik van die rooi pigment van die opperhuid van die vleis aan die buitekant sigbaar is.

(c) *Kreefsterte met ander vleis.*—Die inhoud van die houer moet netjies en eenvormig gerangskik wees. Die sterte moet gevou en om die ander vleis gepak word met laasgenoemde sover moontlik in die middel van die houer. Soveel moontlik van die pigment van die sterte en die ander vleis moet sigbaar wees.

(d) *Dwerggarnale en garnale.*—Indien dwerggarnale en garnale as sodanig verpak word, moet hulle in die vorm van betreklik heel rompe, na verwydering van die kop, stertvin en dop, verpak wees. Verpakking moet netjies wees.

(e) *Poot- en rompvleis van kreef en krap.*—Die vleis moet, indien dit as stukke verpak is wat in 'n groot mate die oorspronklike vorm en grootte behou, netjies in die houer gerangskik wees met soveel van die pigmentoppervlakke as moontlik na bo. Indien die produk slegs as "Vleis" beskryf word is hierdie vereiste nie van toepassing nie.

5.2.1.3 *Drained mass.*

(a) *Plain pack.*—Subject to 5.1.8, the drained mass of the product shall be not less than 75 per cent of the declared net mass of the contents of the container. (In packs containing a gelled packing medium the packing medium shall be liquefied by warming before the drained mass is assessed.)

(b) *Packs in sauce medium.*—Subject to 5.1.8, the drained mass shall be not less than 70 per cent of the declared net mass of the contents of the container.

5.2.2 *Tomalley.*

5.2.2.1 *Preparation.*—The liver (green), roe, meat from the limbs and body, and other edible parts of the lobster may be used. The gills, guts, stomach, shell particles, cartilage, and other unsuitable parts and any unsound parts shall not be used. Filler or other extraneous ingredients shall not be used.

5.2.3 *Unspecified packs.*

5.2.3.1 *General.*—Any canned crustacean pack falling within the scope of this specification but for which requirements are not specifically stated shall comply with the requirements of Sections 2, 3, 4, 6, 7, and 8 and Subsections 5.1 and 5.3.

5.2.3.2 *Drained mass.*—Subject to 5.1.8, the drained mass of unspecified packs shall be not less than 70 per cent of the declared net mass of the contents of the container.

5.2.4 *Semi-preserves*

5.2.4.1 *General.*—Crustaceans covered by this specification may be packed as semi-preserves. The requirements of subsections 5.1 and 5.2 shall apply.

5.2.4.2 *Preservation.*—Crustaceans canned as semi-preserves shall be preserved by salting or brining, pickling, smoking, or any combination of these and may in addition be pasteurized. Preservatives may be used (see 5.1.7). Synthetic acetic acid and inorganic acids shall not be used.

5.3 MICROBIOLOGICAL REQUIREMENTS.

5.3.1 *Products fully preserved by heat-treatment.*

5.3.1.1 *Microbiological spoilage.*—A product in its container after incubation at 37° C or after having been kept at ambient temperature, shall be considered to have undergone microbiological spoilage if the container—

(a) shows a positive pressure;

(b) leaks; or

(c) Whether having a positive pressure or not, shows evidence of bacterial proliferation (as indicated, when compared with unincubated samples, by a significant change in the pH value or by disintegration, decomposition or significant discoloration of the product).

Note.—Evidence of bacterial proliferation shall be confirmed by microscopical or cultural examination or both.

5.3.1.2 *Requirement.*—Products in containers examined or tested or both shall show no evidence of microbiological spoilage or of the presence of viable pathogenic organisms or organisms liable to cause spoilage of the product during storage.

5.2.1.3 *Gedreineerde massa.*

(a) *Verpakkings in die natuurlike toestand.*—Behoudens 5.1.8 moet die gedreineerde massa van die produk minstens 75 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer wees. (In verpakkings wat 'n gestolde verpakkingsmedium bevat, moet die verpakkingsmedium eers deur verhitting vloeibaar gemaak word voordat die gedreineerde massa bepaal word.)

(b) *Verpakkings in sous.*—Behoudens 5.1.8 moet die gedreineerde massa minstens 70 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer wees.

5.2.2 *Tomalley (kreeflewer).*

5.2.2.1 *Bereiding.*—Die lewer (groen), eiers, vleis van die pote en romp, en ander eetbare dele van die kreef mag gebruik word. Geen kieue, ingewande, maag, stukkies dop, kraakbeen en ander ongeskikte en ongesonde dele mag gebruik word nie. Geen vulstof of ander vreemde bestanddele mag gebruik word nie.

5.2.3 *Ongespesifiseerde verpakkings.*

5.2.3.1 *Algemeen.*—Enige ingemaakte skaaldiere wat binne die bestek van dié spesifikasie val maar waarvoor geen spesifieke vereistes voorgeskryf word nie, moet voldoen aan die bepalings van afdeling 2, 3, 4, 6, 7 en 8 en onderafdeling 5.1 en 5.3.

5.2.3.2 *Gedreineerde massa.*—Behoudens 5.1.8 moet die gedreineerde massa van ongespesifiseerde verpakkings minstens 70 persent van die verklaarde netto massa van inhoud van die houer wees.

5.2.4 *Halfgepreserveerde produkte.*

5.2.4.1 *Algemeen.*—Skaaldiere wat deur hierdie spesifikasie gedek word, kan as halfgepreserveerde produkte ingemaak wees. Die vereistes van onderafdeling 5.1 en 5.2 is van toepassing.

5.2.4.2 *Preservering.*—Skaaldiere wat as halfgepreserveerde produkte ingemaak is, moet deur middel van insouting of pekeling, suurpekeling, beroking of enige kombinasie van hierdie prosesse gepreserveer wees en kan verder ook gepasteuriseer wees. Preserveermiddels kan gebruik word (sien 5.1.7). Sintetiese asynsuur en anorganiese sure mag nie gebruik word nie.

5.3 MIKROBIOLOGIESE VEREISTES.

5.3.1 *Produkte ten volle deur hittebehandeling gepreserveer.*

5.3.1.1 *Mikrobiologiese bederf.*—Daar word geag dat 'n produk in sy houer, na inkubering by 37° C of nadat dit by omgewingstemperatuur gehou is, mikrobiologiese bederf ondergaan het indien daar—

(a) tekens van positiewe druk by die houer is;

(b) tekens is dat die houer lek; of

(c) ongeag of daar positiewe druk by die houer is of nie, daar in vergelyking met ongeïnkubeerde monsters tekens is van bakterievermeerdering (soos blyk uit 'n betekenisvolle verandering in die pH-waarde of uit disintegrasie of uit ontbinding of uit 'n betekenisvolle verkleuring van die produk).

Opmerking.—Tekens van bakterievermeerdering moet bevestig word deur mikroskopiese of kultuurondersoek, of albei.

5.3.1.2 *Vereiste.*—Produkte in houers wat ondersoek of getoets of ondersoek en getoets word, mag geen teken van mikrobiologiese bederf of van die aanwesigheid van lewensvatbare patogene organismes of organismes wat moontlik kan veroorsaak dat die produk tydens bewaring kan bederf, toon nie.

5.3.2 *Semi-preserves and salt-preserved products.*

5.3.2.1 *Microbiological spoilage.*—A product in its container shall be considered to have undergone microbiological spoilage if the container—

(a) shows a positive pressure;

(b) leaks; or

(c) whether having a positive pressure or not, shows evidence of bacterial proliferation (as indicated when compared with sound samples, by a significant change in the pH value or by disintegration, decomposition or significant discoloration of the product).

Note.—Evidence of bacterial proliferation shall be confirmed by microscopical or cultural examination or both.

5.3.2.2 *Requirement.*—Products in containers examined or tested or both shall show no evidence of microbiological spoilage or of the presence of viable pathogenic organisms or organisms liable to cause spoilage of the product during storage at the temperature specified by the canner.

SECTION 6.—CONTAINERS

6.1 TYPES OF CONTAINERS.—The product shall be packed in containers capable of preserving their contents in sound, wholesome condition.

6.2 CONDITION OF CONTAINERS.—The internal surfaces of all containers and closures shall at the time of use be clean and, in the case of cans, free from corrosion and evidence of detinning, delacquering, serious solder splashing and excess application of solder. If lacquered cans or lids or both or lacquered caps are used the lacquer shall be free from significant scratches and other imperfections, and it shall have no detrimental effect on the product. It shall not peel off the can, lid or cap during processing and storage of the product. Lids and caps shall be clean at the time of seaming or capping.

SECTION 7.—PACKING AND PROCESSING REQUIREMENTS

7.1 FILLING UNDER HYGIENIC CONDITIONS.—The product shall be prepared and filled into clean sound containers under strictly hygienic conditions. All container closures shall be strongly and accurately made.

7.2 PROCESSING.

7.2.1 In the case of products in cans other than semi-preserves and salt-preserved products, the filled containers shall be exhausted, hermetically sealed, and fully heat-processed; the containers of semi-preserves and salt-preserved products shall be hermetically sealed. Filled jars shall be hermetically sealed and shall, except in the case of semi-preserves and salt-preserved products, be fully heat-processed.

7.2.2 In the case of cans and jars the exhausting, sealing, and processing shall be done in such a manner that the ends of the container are not convex under normal transport and storage conditions.

7.2.3 The time-temperature process in the case of heat-preserved products shall ensure—

(a) the destruction of pathogenic organisms; and

(b) freedom from microbiological spoilage.

5.3.2 *Deelsgepreserveerde en soutgepreserveerde produkte.*

5.3.2.1 *Mikrobiologiese bederf.*—Daar word geag dat 'n produk in sy houer mikrobiologiese bederf ondergaan het indien daar—

(a) tekens van positiewe druk by die houer is;

(b) tekens is dat die houer lek; of

(c) ongeag of daar positiewe druk by die houer is of nie, daar in vergelyking met gesonde monsters tekens is van bakterievermeerdering (soos blyk uit 'n betekenisvolle verandering in die pH-waarde of uit disintegrasie of uit ontbinding of uit 'n betekenisvolle verkleuring van die produk).

Opmerking.—Tekens van bakterievermeerdering moet bevesting word deur mikroskopiese of kultuurondersoek, of albei.

5.3.2.2 *Vereiste.*—Produkte in houers wat ondersoek of getoets of ondersoek en getoets word, mag geen tekens van mikrobiologiese bederf of van die aanwesigheid van lewensvatbare patogene organismes of organismes wat moontlik kan veroorsaak dat die produk bederf tydens bewaring by die temperatuur wat deur die inmaker gespesifiseer is, toon nie.

AFDELING 6.—HOUERS

6.1 HOUERTIPES.—Die produk moet verpak word in houers wat in staat is om die inhoud daarvan in 'n gesonde, eetbare toestand te bewaar.

6.2 TOESTAND VAN HOUERS.—Die binnevlakke van alle houers en sluitings moet tydens die gebruik daarvan skoon wees en moet in die geval van blikke vry wees van korrosie en van tekens dat die tin- of vernislaag afkom en van ernstige bespatting met soldeersel en die oormatige gebruik van soldeersel. Indien verniste blikke of blikdeksels of albei of verniste flesdeksels gebruik word, moet die vernislaag vry wees van opvallende skrape en ander gebreke en mag die vernis geen nadelige uitwerking op die produk hê nie. Die vernislaag mag nie tydens die verwerking en bewaring van die produk van die blik, blikdeksel of flesdeksel afdop nie. Die deksels van blikke en flesse moet skoon wees wanneer die houers gesluit word.

AFDELING 7.—VERPAKKINGS- EN VERWERKINGSVEREISTES

7.1 HIGIËNIESE TOESTANDE BY VULLING.—Die produk moet in streng higiëniese toestande voorberei en in skoon, gawe houers ingemaak word. Die houers moet stewig en noukeurig gesluit word.

7.2 VERWERKING.

7.2.1 In die geval van produkte in blikke, uitgesonderd deelsgepreserveerde en soutgepreserveerde produkte, moet die gevulde houers lugleeg gemaak, lugdig verseël en ten volle met hitte behandel word; houers met deelsgepreserveerde en soutgepreserveerde produkte moet lugdig verseël word. Gevulde flesse moet lugdig verseël en, behalwe in die geval van deelsgepreserveerde en soutgepreserveerde produkte, ten volle met hitte behandel word.

7.2.2 In die geval van blikke en flesse moet die luguitdrywing, verseëling en verwerking so uitgevoer word dat die ente van die houers in normale vervoer- en bewaringstoestande nie uitbol nie.

7.2.3. In die geval van produkte wat met hitte gepreserveer is, moet die tyd-temperatuurproses verseker dat—

(a) patogene organismes vernietig word, en

(b) geen mikrobiologiese bederf sal plaasvind nie.

7.3 EXTERIOR OF CONTAINERS.—Containers shall be clean, have normal contours, be free from corrosion and show no significant outward signs of seam defects.

7.4 HANDLING AND STACKING OF SEALED CONTAINERS.—Containers shall be handled in an acceptable manner. Whether hot or cold, containers immediately after heat processing shall not be touched by hand or handled individually while still wet. Even when dry, hot containers of which the lids are still domed due to internal pressure shall not be touched by hand. Containers shall not be bulk-stacked before being cooled to an internal temperature not in excess of 50° C.

7.5 STORAGE.

7.5.1 Products not requiring refrigeration shall be stored (both before and after packaging) in an orderly manner in cool, well-ventilated, clean rooms used solely for this purpose.

7.5.2 Where products are required to be stored under refrigeration, the storage temperature shall not exceed 5,5° C. Refrigeration rooms shall be clean and hygienic.

SECTION 8.—LABELLING AND MARKING OF CONTAINERS

8.1 DETAILS REQUIRED ON EACH CONTAINER OR LABEL.

8.1.1 The following information shall appear legibly and indelibly on each container or label in type of the size and prominence prescribed by regulation under the current Weights and Measures Act and the current Food, Drugs and Disinfectants Act.

(a) The name and full business address of the manufacturer, producer, proprietor, or controlling company, or in the case of containers packed on behalf of any other person, the name and full business address of that person.

(b) Taking cognizance of the provisions of the current Merchandise Marks Act, a true description of the contents, including the kind of packing medium used, if any. Products packed in agar-agar may not be described as packed in aspic.

(c) Unless the title of the product discloses the ingredients, a declaration of ingredients in decreasing order of amounts (by mass) present, in plain type of not less than 6 point face measurement.

(d) In the case of semi-preserves a declaration, separate from the list of ingredients, of the presence and nature of preservative, if any, in plain type of not less than 6 point face measurement.

(e) Where the product is required to be stored under refrigeration the words "Keep at a temperature not exceeding 5,5° C" in a prominent position in plain type of not less than half the size of that used for the name of the product.

(f) The net mass of the contents.

(g) In the case of products manufactured in South Africa and South-West Africa, the date of canning, the batch number (if used), and the factory identification embossed or other wise indelibly marked on the container or, in the case of jars, on the cap or label. If a mark or code is used for the date the key to such mark or code shall be disclosed to the authority administering this specification.

(h) Words indicating the country of origin.

7.3 BUITEKANT VAN HOUERS.—Houers moet skoon wees, moet normaal van vorm en vry van korrosie wees en mag geen opvallende uitwendige tekens van naatgebreke toon nie.

7.4 HANTERING EN OPSTAPELING VAN VERSEËLDE HOUERS.—Houers moet op aanneemlike wyse hanteer word. Na hittebehandeling mag houers, hetsy warm of koud, nie onmiddellik met die hand aangeraak of individueel hanteer word terwyl hulle nog nat is nie. Selfs wanneer hulle droog is, mag warm houers waarvan deksels as gevolg van interne druk nog uitbol, nie met die hand aangeraak word nie. Houers mag nie in massa opgestapel word voordat hulle tot 'n binnetemperatuur van hoogstens 50° C afgekoel het nie.

7.5 BEWARING

7.5.1 Produkte wat nie verkoeling vereis nie, moet (sowel voor as na verpakking) op ordelike wyse in koel, goed geventileerde, skoon vertrekke bewaar word wat uitsluitlik vir dié doel gebruik word.

7.5.2 Indien produkte onder verkoeling bewaar moet word, mag die bewaringstemperatuur nie 5,5° C oorskry nie. Koelkamers moet skoon en higiënies wees.

AFDELING 8.—ETIKETTEER EN MERK VAN HOUERS

8.1 BESONDERHEDE OP ELKE HOUER OF ETIKET VEREIS.

8.1.1 Die volgende besonderhede moet leesbaar en onuitwisbaar op elke houer of etiket aangebring word in letters van sodanige grootte en opvallendheid as wat by regulasie voorgeskryf word kragtens die geldende Wet op Mate en Gewigte en die geldende Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels:

(a) Die naam en volledige besigheidsadres van die fabrikant, produsent, eienaar of beherende maatskappy, of, in die geval van houers wat vir iemand anders verpak word, die naam en volledige besigheidsadres van daardie persoon.

(b) Met inagneming van die bepalings van die geldende Handelswaremerkewet, 'n juiste beskrywing van die inhoud, met inbegrip van die verpakkingsmedium wat gebruik is, indien enige. As produkte in agar-agar verpak is, mag die beskrywing nie meld dat dit in vleisjellie verpak is nie.

(c) Tensy die naam van die produk die bestanddele aandui, 'n verklaring in gewone letters van minstens 6-puntmaat, van die bestanddele (volgens massa) in volgorde van afnemende hoeveelhede wat aanwesig is.

(d) In die geval van deelsgepreserveerde produkte 'n verklaring, afgesien van die lys bestanddele, van die aard en omvang van enige preserveermiddel wat gebruik is, in gewone letters van minstens 6-puntmaat.

(e) Waar die produk onder verkoeling bewaar moet word, die woorde: "Bewaar by 'n temperatuur van hoogstens 5,5° C", in 'n opvallende plek in gewone letters minstens die helfte van die grootte van dié wat vir die naam van die produk gebruik is.

(f) Die netto massa van die inhoud.

(g) In die geval van produkte wat in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika vervaardig is, die inmaakdatum, die produksielotnommer (indien gebruik) en die fabrieksidentifikasie wat op die houer of, in die geval van flesse, op die deksel of etiket gebosseleer of andersins onuitwisbaar aangebring is. Indien 'n merk of kode vir die datum gebruik word, moet die sleutel tot sodanige merk of kode aan die owerheid wat belas is met die toepassing van hierdie spesifikasie bekend gemaak word.

(h) Woorde wat die land van herkoms aandui.

81.2 *True desciption of crustaceans.*—Crustaceans shall be correctly described in the name of the product appearing on the label. The undermentioned common names may be used as indicated:

Common name	*Scientific name*
(a) West coast rock lobster / Cape rock lobster, kreef	*Jasus lalandii.*
(b) Vema rock lobster, / Tristan rock lobster	*Jasus tristani.*
(c) Natal rock lobster	*Palinurus gilchristi* / *Panulirus homarus*
(d) Port Elizabeth mud crayfish	*Scyllarus elizabethae.*
(e) King prawn, langoustine	*Nephrops andamanica.*
(f) Ginger prawn	*Penaeus japonicus.*
(g) Brown prawn	*Penaeus latisulcatus.*
(h) Striped prawn	*Penaeus canaliculatus.*
(i) Green prawn	*Penaeus semisulcatus.*
(j) Tiger prawn	*Penaeus monodon.*
(k) White prawn	*Penaeus indicus.*
(l) Knife prawn	*Hymenopenaeus triarthrus*
(m) Speckled prawn	*Metapenaeus monoceros.*
(n) Knysna crab	*Scylla serrata.*
(o) Red spot swimming crab	*Ovalipes punctatus.*
(p) Stone crab	*Neolithodes capensis.*

8.2 ATTACHING OF LABELS.—Labels on containers shall be clean and neat, and securely attached. They shall not be superimposed on other labels or on matter printed directly on the containers. They shall not be applied by any person other than the manufacturer or his authorised agent. Label glue that is liable to deteriorate under humid storage conditions shall not be used.

8.3 MARKING OF PACKAGES.—If the containers are packaged, the packages shall be clean, neat, and unbroken, and on every package shall be printed or stencilled the number and size or net mass of the containers and the information required by 8.1.1 (a), (b) and (h), except that the business address of the manufacturer need not be the full business address but must be sufficient for identification purposes.

8.4 CONTAINERS FOR EXPORT.—Notwithstanding the provisions of section 8, products for export to other countries may be either unlabelled or labelled differently to the requirements of this specification, provided there is no attempt to misrepresent the product. The requirements of 8.3 shall be met except that a code mark may be used in lieu of the name of the manufacturer.

SECTION 9.—METHODS OF PHYSICAL EXAMINATION AND CHEMICAL ANALYSIS

9.1 DETERMINATION OF NET MASS OF CONTENTS.

9.1.1 Determine the gross mass by weighing the unopened container. Then in the case of—

(a) a container with a lid attached by a double seam, partially cut out the lid without removing or altering the height of the double seam;

(b) another type of container, remove the lid.

9.1.2 Determine the average vertical distance, in millimetres, from the top level of the container to the top level of the contents by taking measurements over the surface of the contents.

9.1.3 Transfer the contents of the container to a sieve with a nominal aperture size of 2,00 mm and after allowing it to drain for 2 minutes determine the drained mass.

9.1.4 Wash, dry, and weigh the container complete with lid, and retain it for use in the determination of the fill of the container. The difference between the gross mass (9.1.1) and the mass of the container and lid gives the net mass of the contents.

8.1.2 *Juiste beskrywing van skaaldiere.*—Skaaldiere moet korrek beskryf word met die naam van die produk wat op die etiket verskyn. Ondergenoemde gewone name kan gebruik word soos aangedui:

Gewone naam	*Wetenskaplike naam*
(a) Weskuskreef / Kaapse kreef	*Jasus lalandii.*
(b) Vemakreef / Tristankreef	*Jasus tristani.*
(c) Natalse kreef	*Palinurus gilchristi* / *Panulirus homarus*
(d) Port Elizabethse modderkreef	*Scyllarus elizabethae.*
(e) Koningsgarnaal, langoustine	*Nephrops andamanica.*
(f) Rooigarnaal	*Penaeus japonicus.*
(g) Bruingarnaal	*Penaeus latisulcatus.*
(h) Streepgarnaal	*Penaeus canaliculatus.*
(i) Groengarnaal	*Penaeus semisulcatus.*
(j) Tiergarnaal	*Penaeus monodon.*
(k) Witgarnaal	*Penaeus indicus.*
(l) Knipmesgarnaal	*Hymenopenaeus triarthrus.*
(m) Spikkelgarnaal	*Metapenaeus monoceros.*
(n) Knysnakrap	*Scylla serrata.*
(o) Rooivlerkswemkrap	*Ovalipes punctatus.*
(p) Rotskrap	*Neolithodes capensis.*

8.2 AANBRING VAN ETIKETTE.—Etikette op houers moet skoon en netjies en stewig aangeheg word. Hulle mag nie oor ander etikette of oor drukwerk wat regstreeks op die houer gedruk is, aangebring word nie. Hulle mag deur niemand anders as die fabrikant of sy gemagtigde agent aangebring word nie. Geen etiketgom wat moontlik in klam opbergtoestande kan verswak, mag gebruik word nie.

8.3 MERK VAN PAKKETTE.—As die houers in pakkette verpak word, moet die pakkette skoon, netjies en heel wees en moet die getal en grootte of netto massa van die houers, benewens die besonderhede vereis in 8.1.1 (a), (b) en (h), op elke pakket gedruk of gesjabloneer word, behalwe dat die fabrikant se besigheidsadres nie die volledige besigheidsadres hoef te wees nie, maar voldoende moet wees vir identifikasiedoeleindes.

8.4 HOUERS VIR UITVOER.—Ongeag die bepalings van afdeling 8, kan produkte vir uitvoer na ander lande sonder etikette, of anders geëtiketteer as in hierdie spesifikasie vereis, uitgevoer word, mits daar nie gepoog word om die produk vals voor te stel nie. Daar moet aan die vereistes van 8.3 voldoen word, maar 'n kodemerk kan in plaas van die fabrikant se naam gebruik word.

AFDELING 9.—METODES VIR FISIESE ONDERSOEK EN CHEMIESE ONTLEDING

9.1 BEPALING VAN NETTO MASSA VAN INHOUD.

9.1.1 Bepaal die bruto massa deur die onoopgemaakte houer te weeg. Dan in die geval van—

(a) 'n houer met 'n deksel wat met dubbele naat bevestig is, sny die deksel gedeeltelik uit sonder om die dubbele naat te verwyder of die hoogte daarvan te verander;

(b) 'n ander tipe van houer, verwyder die deksel.

9.1.2 Bepaal die gemiddelde vertikale afstand in millimeter van die boonste oppervlak van die houer af tot op die boonste oppervlak van die inhoud deur afmetings oor die oppervlak van die inhoud te neem.

9.1.3 Plaas die inhoud van die houer oor op 'n sif met 'n nominale openinggrootte van 2,00 mm en nadat dit toegelaat is om vir 2 minute lank te dreineer, bepaal die gedreineerde massa.

9.1.4 Was, droog, en weeg die houer met deksel en al; behou dit vir gebruik in die bepaling van die volheid van die houer. Die verskil tussen die bruto massa (9.1.1) en die massa van die houer en deksel is die netto massa van die inhoud.

9.2 DETERMINATION OF FILL OF CONTAINER.

9.2.1 In the case of containers with tops attached by double seams fill the container with water at room temperature to a vertical distance of 5 mm below the top level of the container. Weigh the container thus filled and determine the mass of the water by subtracting the mass of the container.

9.2.2 Draw off water from the filled container to the level of the contents (9.1.2), weigh the container with the remaining water and determine the mass of the remaining water by subtracting the mass of the container.

9.2.3 Divide the mass of the remaining water by the mass of the water (9.2.1) and multiply by 100. The result is the percentage of the total volume capacity of the container occupied by the contents.

9.2.4 In the case of a container with a lid attached otherwise than by a double seam, remove the lid and proceed in accordance with 9.2.1 to 9.2.3, but fill the container to the top instead of to 5 mm below the top (see 9.2.1).

9.3 PREPARATION OF TEST SAMPLE FOR CHEMICAL ANALYSIS.—Pass the drained sample (9.1.3) twice through a meat grinder and mix thoroughly. Store the prepared sample in a well-closed container in a refrigerator until required for use.

9.4 DETERMINATION OF BENZOIC ACID CONTENT.

9.4.1 *Apparatus.*—A suitable spectrophotometer having cells with a 10 mm light-path and capable of measuring optical density at wavelengths of 267.5 nm, 272.0 nm and 276.5 nm.

9.4.2 *Reagents.*

(a) *Hydrochloric acid.*—Concentrated, analytical reagent grade.

(b) *Sodium chloride solution.*—A saturated aqueous solution of chemically pure sodium chloride.

(c) *Diethyl ether.*

(d) *Ammonium hydroxide solution.*—0,1 per cent (m/v).

9.4.3 *Preparation of Standard Curve.*—Prepare solutions of benzoic acid in diethyl ether containing respectively 20, 40, 60, 80, 100, and 120 mg per litre. Measure the optical density of these solutions in the spectrophotometer at 267.5 nm (point A) 272.0 nm (point B) and 276.5 nm (point C). Take the average optical density of the minima at points A and C and subtract this value from the maximum optical density at B. Plot a graph of this difference against concentration.

9.4.4 *Procedure.*—Weigh out accurately approximately 10 g of the prepared sample into a separating funnel and add 200 ml of the saturated sodium chloride solution. Make acid to litmus with hydrochloric acid.

Extract the suspension successively with 70, 50, 40, and 30 ml portions of diethyl ether, shaking well to ensure complete extraction. If necessary, break emulsions by centrifuging or stirring. Discard the aqueous phase and wash the combined ether extracts with 80, 40, and 30 ml portions of dilute hydrochloric acid (1:1000) and discard the hydrochloric acid washings. Extract the ether extracts successively with 50, 40, 30, and 20 ml portions of the ammonium hydroxide solution. Neutralize the combined extracts with the hydrochloric acid, add 1 ml in excess, and extract successively with 70, 50, 30 and 20 ml portions of the diethyl ether. Dilute the combined extracts to 200 ml (or other suitable volume) with diethyl ether and measure the optical density at points A, B and C as described in 9.4.3. Average the readings obtained at points A and C

9.2 BEPALING VAN VOLHEID VAN HOUER.

9.2.1 Vul, in die geval van 'n houer met 'n deksel wat met 'n dubbele naat bevestig is, die houer met water by kamertemperatuur tot 'n vertikale afstand van 5 mm onderkant die bovlak van die houer. Weeg die houer wat aldus gevul is en bepaal die massa van die water deur die massa van die houer daarvan af te trek.

9.2.2 Trek water uit die vol houer tot op die hoogte van die inhoud (9.1.2), weeg die houer met die oorblywende water, en bepaal die massa van die oorblywende water deur die massa van die houer daarvan af te trek.

9.2.3 Deel die massa van die oorblywende water deur die massa van die water (9.2.1) en vermenigvuldig met 100. Die resultaat is die persentasie van die totale volume van die houer wat deur die inhoud in beslag geneem is.

9.2.4 Verwyder die deksel in die geval van 'n houer met deksel wat anders as met 'n dubbele naat bevestig is, en gaan te werk volgens 9.2.1 tot 9.2.3, maar maak die houer heeltemal vol in plaas van tot 5 mm onderkant die bovlak (kyk 9.2.1).

9.3 VOORBEREIDING VAN MONSTER VIR CHEMIESE ONTLEDING.—Maal die gedreineerde monster (9.1.3) twee keer in 'n vleismeul en meng deeglik. Bêre die voorbereide monster in 'n goed toegemaakte houer binne-in 'n yskas totdat dit nodig is vir gebruik.

9.4 BEPALING VAN BENSOËSUURGEHALTE.

9.4.1 *Apparaat.*—'n Geskikte spektrofotometer voorsien van selle met 'n 10-mm-ligbaan en wat optiese digtheid kan meet by 267.5 nm, 272.0 nm en 276.5 nm.

9.4.2 *Reagense.*

(a) *Soutsuur.*—Gekonsentreer, analitiese reagensgraad.

(b) *Natriumchloriedoplossing.*—'n Versadigde wateroplossing van chemies-suiwer natriumchloried.

(c) *Diëtieleter.*

(d) *Ammoniumhidroksiedoplossing.*—0,1 persent (m/v).

9.4.3 *Teken van Standaardgrafiek.*—Berei oplossings van bensoësuur in diëtieleter voor wat onderskeidelik 20, 40, 60, 80, 100, en 120 mg per liter bevat. Meet die optiese digtheid van die oplossings in die spektrofotometer by 267.5 nm (punt A), 272.0 nm (punt B) en 276.5 nm (punt C). Neem die gemiddelde optiese digtheid van die minima by punte A en C en trek hierdie waarde van die maksimum optiese digtheid by punt B af. Teken 'n grafiek van hierdie verskil teen die ooreenstemmende konsentrasie.

9.4.4 *Werkwyse.*—Weeg ongeveer 10 g van die voorbereide monster noukeurig in 'n skeitregter af en voeg 200 ml van die versadigde natriumchloried oplossing by. Suur die oplossing met soutsuur aan totdat dit suur is teenoor lakmoes.

Ekstraheer die suspensie agtereenvolgens met hoeveelhede van 70, 50, 40 en 30 ml diëtieleter en skud dit goed om volledige ekstraksie te verseker. Indien nodig, moet emulsies opgebreek word deur dit te sentrifugeer of te roer. Gooi die waterige fase af en was die saamgestelde eterekstrakte met hoeveelhede van 80, 40 en 30 ml verdunde soutsuur (1:1000). Gooi die soutsuurwasoplossings weg. Ekstraheer die eterekstrakte agtereenvolgens met hoeveelhede van 50, 40, 30 en 20 ml van die ammoniumhidroksiedoplossing. Neutraliseer die saamgevoegde ekstrakte met soutsuur en voeg 1 ml in oormaat by. Ekstraheer agtereenvolgens met hoeveelhede van 70, 50, 30 en 20 ml diëtieleter. Verdun die saamgevoegde ekstrakte met diëtieleter tot 200 ml (of 'n ander geskikte volume). Meet die optiese digtheid van die oplossing by die punte A, B en C soos in 9.4.3 beskryf. Bepaal die gemiddelde van die lesings verkry by punte A en C en trek dit van die lesing

and subtract the mean from the reading at B. From the result determine from the graph the concentration of benzoic acid in the test sample.

SECTION 10.—INCUBATION AND METHODS OF MICROBIOLOGICAL EXAMINATION

10.1 INCUBATION AND INSPECTION OF CONTAINERS.—Incubate for 14 days at a temperature of 37° C all but one of the containers taken for microbiological examination. Examine these containers externally for evidence of microbiological spoilage and then proceed in accordance with 10.2.

10.2 MICROBIOLOGICAL EXAMINATION.

10.2.1 *Glassware.*—All glassware used in the microbiological examination of the product shall be sterile. After cleaning, plug all test and sampling tubes and flasks with cotton wool or seal them with other suitable closures. Bottles of 30 ml capacity with metal screw caps may be used instead of test tubes. Sterilize all glassware, preferably by the application of dry heat, at a temperature of 170° C for 1 hour. Where this is not feasible, e.g. when rubber closures have been used, sterilization may be achieved by autoclaving at a temperature of 121° C for 20 minutes.

10.2.2 *Media.*—The following quantities of tubed or bottled media are required for the cultural examination of each container to be examined:

Medium	Quantity
Glucose nutrient broth	2
Reinforced clostridial medium	2

10.2. 3 *Preparation of media.*

10.2.3.1 *Glucose nutrient broth.*—Mix 3 g of beef extract, 5 g of peptone, 10 g of dextrose and 1 000 ml of distilled water. Warm to dissolve, adjust the pH value of the medium to ensure that after sterilization it will be 7,1 ± 0,1, and then dispense 10 ml quantities into tubes or bottles (10.2.1) and sterilize in an autoclave at a temperature of 121° C for 15 minutes.

10.2.3.2 *Reinforced clostridial medium.*—Dissolve by steaming 3 g of yeast extract, 10 g of peptone, 10 g of meat extract, 5 g of dextrose, 5 g of sodium acetate (hydrated), 0,5 g of l-cysteine, 1 g of soluble starch, and 2 g of agar in 1 000 ml of distilled water. Filter through paper pulp and adjust the pH value to 7.4. Dispense 10 ml quantities into tubes or bottles (10.2.1) and sterilize in an autoclave at a temperature of 121° C for 15 minutes. After sterilization check that the pH value is 7,1 ± 0,1.

10.2.3.3 *Peptone water diluent.*—Dissolve by steaming 1 g of peptone in 1 000 ml of distilled water. Dispense 100 ml quantities into flasks (10.2.1) and sterilize in an autoclave at a temperature of 121° C for 15 minutes. After sterilization check that the pH value is 7,1 ± 0,1.

10.2.4 *Physical examination and preparation of container.*

10.2.4.1 Note and record all identification marks appearing on the container or label.

10.2.4.2 Remove the label. Record any physical defects such as corrosion, pinholing, dents, imperfect closure, and defective seams. Clearly mark, for subsequent inspection, doubtful points to be given further physical examination after the container has been opened.

10.2.4.3 Clean the outside of the container thoroughly with soap and water. If it is greasy, use a solvent such as petroleum ether.

by punt B af. Gebruik hierdie waarde om die konsentrasie van die bensoësuur in die toetsmonster van die grafiek af te lees.

AFDELING 10.—INKUBASIE EN METODES VIR MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK

10.1 INKUBASIE EN ONDERSOEK VAN HOUERS.—Inkubeer op een na al die houers wat vir mikrobiologiese ondersoek geneem is, 14 dae lank by 'n temperatuur van 37° C. Ondersoek hierdie houers uitwendig vir tekens van mikrobiologiese bederf en gaan dan volgens 10.2 te werk.

10.2 MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK.

10.2.1 *Glasware.*—Al die glasware wat by die mikrobiologiese ondersoek van die produk gebruik word, moet steriel wees. Nadat hulle skoongemaak is, moet al die flesse, proef- en steekproefbuise met watteproppe of ander geskikte proppe verseël word. In plaas van proefbuise kan 30-ml-flesse met metaalskroefdoppe gebruik word. Steriliseer alle glasware, by voorkeur deur die aanwending van droë hitte, 1 uur lank by 'n temperatuur van 170° C. Waar dit nie uitvoerbaar is nie, byvoorbeeld waar rubberproppe gebruik word, kan die glasware 20 minute lank by 'n temperatuur van 121° C in 'n outoklaaf gesteriliseer word.

10.2.2 *Kweekbodem.*—Die volgende getal buise of flesse met kweekbodem is nodig vir die kultuurondersoek van elke houer wat ondersoek moet word.

Kweekbodem	Getal
Voedende glukoseboeljon	2
Versterkte clostridium-kweekbodem	2

10.2.3 *Voorbereiding van Kweekbodems.*

10.2.3.1 *Voedende glukoseboeljon.*—Meng 3 g beesvleisekstrak, 5 g peptoon, 10 g dekstrose en 1000 ml gedistilleerde water. Verwarm totdat die mengsel opgelos is en reël die pH-waarde van die kweekbodem om te verseker dat dit na sterilisering 7,1 ± 0,1 sal wees. Plaas dan hoeveelhede van 10 ml elk in buise of flesse oor (10.2.1) en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 'n temperatuur van 121° C.

10.2.3.2 *Versterkte clostridium-kweekbodem.*—Los 3 g gisekstrak, 10 g peptoon, 10 g vleisekstrak, 5 g dekstrose, 5 g natriumasetaat (gehidrateer), 0,5 g l-sisteïen, 1 g oplosbare stysel en 1 g agar in 1000 ml gedistilleerde water op deur dit te stoom. Filtreer die oplossing deur papierpap en suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan. Plaas hoeveelhede van 10 ml elk in buise of flesse oor (10.2.1) en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 'n temperatuur van 121° C. Sorg dat die pH-waarde na sterilisering 7,1 ± 0,1 is.

10.2.3.3 *Peptoonwaterverdunner.*—Los 1 g peptoon in 1000 ml gedistilleerde water op deur dit te stoom. Meet hoeveelhede van 100 ml uit in flesse (10.2.1) en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 'n temperatuur van 121° C. Sorg dat die pH na sterilisering 7,1 ± 0,1 is.

10.2.4 *Fisiese ondersoek en voorbereiding van houer.*

10.2.4.1 Teken alle identifikasiemerke aan wat op die houer of etiket voorkom.

10.2.4.2 Verwyder die etiket. Teken fisiese gebreke soos korrosie, speldegaatjies, duike, onvoldoende sluiting en defekte synate aan. Maak 'n duidelike merk vir latere ondersoek, by alle twyfelagtige punte wat aan 'n verdere fisiese ondersoek onderwerp moet word nadat die houer oopgemaak is.

10.2.4.3 Maak die buitekant van die houer deeglik skoon met water en seep. Gebruik 'n oplosmiddel soos petroleum-eter in die geval van vetterige houers.

10.2.4.4 Sterilize the top of the container by using, as described below, a sterilizing solution of the following composition:

Ethanol, 90 per cent (v/v)	1 600 ml
Acetone	120 ml
Diethyl ether	150 ml
Ethyl acetate	25 ml

Flood the top of the container with the sterilizing solution, allow to stand for one minute and then ignite the solution remaining on the container. Blown containers should, after cleaning as in 10.2.4.3, be thoroughly cleaned with the sterilizing solution, but the solution must not be ignited.

10.2.5 *Sampling of contents.*

10.2.5.1—*Recording of vacuum or pressure.*—After sterilizing the top of the container, pierce the point of opening by means of a sterile vacuum or pressure gauge tip under aseptic conditions and record the reading shown on the gauge. Special precautions shall be taken to admit only sterile air on removal of the gauge from the container. Immediately after removal of the gauge, cover the top of the container with a suitable sterile cover.

10.2.5.2 *Opening of container.*—Enlarge the gauge puncture by means of a sterile instrument, preferably one of the type that will cut a circular disc around the centeral puncture, or one that will enlarge the puncture to a diameter of 15 to 25 mm.

10.2.5.3 *Removal of inoculum.*—Remove at least 15 g of the product from the container by means of a sterile spoon, sterile cork borer, or sterile glass sampling tube. Transfer the portion of product taken from the spoon, sampling tube or cork borer to a flask of peptone water diluent (10.2.3.3) to which sterile glass beads have been added. Thoroughly mix the material and water by shaking, thus allowing the beads to break up the material. Alternatively transfer the portion of product to a sterile macerator jar containing 100 ml of peptone water diluent (10.2.3.3) and macerate for not longer than 2 minutes. By means of sterile pipettes, introduce 2 ml quantities of the mixture into each of the glucose nutrient broth and reinforced clostridial medium tubes.

10.2.6 *Incubation of the culture tubes.*—Incubate the culture tubes or bottles as follows:

Glucose nutrient broth: One tube or bottle at a temperature of 32° C for 5 days and one at a temperature of 37° C for 5 days.

Reinforced clostridial medium: One tube or bottle at temperature of 32° C for 5 days and one at a temperature of 37° C for 5 days.

10.2.7 *Examination*

10.2.7.1 After incubation examine the culture tubes or bottles and determine whether the organisms isolated are pathogenic types, spoilage types, or organisms liable to cause spoilage of the product during storage.

10.2.7.2 After the contents of the container have been sampled for culturing, make the following examination of the residual contents and of the container and record the findings:

(a) Make a direct smear of the contents, stain it by Gram's method, and examine it microscopically.

(b) Determine the pH value.

10.2.4.4 Steriliseer die bo-ent van die houer deur, op die wyse hieronder uiteengesit, 'n steriliseeroplossing met die volgende samestelling te gebruik:

Etanol, 90 persent (v/v)	1 600 ml
Asetoon	120 ml
Dietieleter	150 ml
Etielasetaat	25 ml

Giet die steriliseeroplossing tot oorlopens toe oor die bo-ent van die houer, laat dit 'n minuut lank staan en steek dan die oorblywende oplossing op die houer aan die brand. Houers wat opgeblaas het, moet na die skoonmaakproses volgens 10.2.4.3 deeglik met die steriliseeroplossing gereinig word, maar die oplossing moet nie aan die brand gesteek word nie.

10.2.5 *Monsterneming van inhoud.*

10.2.5.1 *Aanteken van vakuum of druk.*—Deurboor na sterilisering die bo-ent van die houer in kiemvrye toestande met die punt van 'n gesteriliseerde vakuum of drukmeter en teken die meteraflesing aan. Spesiale voorsorgmaatreëls moet getref word om slegs steriele lug in die houer in te laat wanneer die meter uitgetrek word. Bedek die openingspunt van die houer dadelik met 'n geskikte steriele deksel nadat die meter weggeneem is.

10.2.5.2 *Oopmaak van houer.*—Vergroot die gaatjie wat deur die meter gemaak is met 'n geskikte tipe gesteriliseerde instrument, by voorkeur die tipe wat 'n ronde skyf met die gaatjie as middelpunt kan uitsny of een wat die gaatjie se diameter na tussen 15 en 25 mm kan vergroot.

10.2.5.3 *Oorplasing van inokolum.*—Neem minstens 15 g van die produk uit die houer met behulp van 'n gesteriliseerde lepel, gesteriliseerde kurkboorder of gesteriliseerde monsternemingsbuisie van glas. Plaas die monster van die produk wat van die lepel, monsternemingsbuis of kurkboorder geneem is, oor in 'n fles met peptoonwaterverdunner (10.2.3.3) waarby gesteriliseerde glaskrale gevoeg is. Meng die materiaal deeglik met die water deur dit te skud sodat die krale die materiaal laat opbreek. So nie kan die monster van die produk in 'n gesteriliseerde masereerfles met 100 ml peptoonwaterverdunner (10.2.3.3) oorgeplaas en *hoogstens* 2 *minute lank* gemasereer word. Bring dan hoeveelhede van 2 ml van die mengsel met behulp van gesteriliseerde pipette in elke buisie oor wat voedende glukoseboeljon of versterkte clostridiumkweekbodem bevat.

10.2.6 *Inkubasie van die Kweekbuisies.*—Inkubeer die kweekbuisies of -flesse soos volg:

Voedende glukoseboeljon: Een buisie of fles 5 dae lank by 'n temperatuur van 32° C en een 5 dae lank by 'n temperatuur van 37° C.

Versterkte clostridiumkweekbodem: Een buisie of fles 5 dae lank by 'n temperatuur van 32° C en een 5 dae lank by 'n temperatuur van 37° C.

10.2.7 *Ondersoek.*

10.2.7.1 Ondersoek die kweekbuisies of -flesse na afloop van die inkubasietydperk en stel vas of die organismes wat geïsoleer is, patogeen of bederwend is of dié soort organisme is wat die produk gedurende opberging kan laat bederf.

10.2.7.2 Voer onderstaande ondersoek op sowel die oorblywende inhoud as die houer uit, nadat monsters van die houer se inhoud vir kultuurkweking geneem is, en teken die bevindings aan:

(a) Maak 'n direkte smeer van die inhoud, kleur dit volgens Gram se metode en ondersoek dit mikroskopies;

(b) bepaal die pH-waarde;

(c) Examine the contents for deterioration, discoloration, etc.

(d) Examine the interior of the container for stain, lacquer inperfections, corrosion, etc.

(e) Examine and measure the seams of the container for abnormalities.

(c) ondersoek die inhoud vir verslegting, verandering van kleur, ens.;

(d) ondersoek die binnekant van die houer vir vlekke, vernisfoute, korrosie ens; en

(e) ondersoek en meet die houernate met die oog op onreëlmatighede

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 2268 17 December 1971

ADMISSION OF PERSONS TO THE UNION REGULATION ACT, 1913 (ACT 22 OF 1913), AS AMENDED

The Minister of the Interior has, in terms of subsection (2) of section 23 of the Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913 (Act 22 of 1913), as amended, authorised the undermentioned officers to sign in their capacity as passport control officers, orders, warrants, permits and certificates or other documents which may be issued under the Act.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 2268 17 Desember 1971

WET TOT DE REGELING VAN DE TOELATING VAN PERSONEN TOT DE UNIE, 1913 (WET 22 VAN 1913), SOOS GEWYSIG

Die Minister van Binnelandse Sake het ondervermelde amptenare, kragtens subartikel (2) van artikel 23 van die Wet tot de Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie 1913 (Wet 22 van 1913), soos gewysig, gemagtig om orders, lasbriewe, permitte, sertifikate of ander dokumente wat ingevolge die voormelde Wet uitgereik word in hul hoedanigheid van paspoortbeheerbeamptes te onderteken.

Name *Naam*	*Department* *Departement*	*With effect from* *Met ingang van*
C. B. de Jager	Bantu Administration and Development/Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	18/10/71
P. J. du Plessis	Bantu Administration and Development/Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	1/7/71
A. Potgieter	Bantu Administration and Development/Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	1/5/71
S. J. Prins	Bantu Administration and Development/Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	14/10/71
A. R. Aspeling	Justice/Justisie	22/11/71
J. H. Bekker	Justice/Justisie	22/11/71
N. S. Botha	Justice/Justisie	22/11/71
W. A. Botha	Justice/Justisie	22/11/71
N. C. Burt	Justice/Justisie	22/11/71
C. V. Cilliers	Justice/Justisie	22/11/71
J. L. Cilliers	Justice/Justisie	22/11/71
S. C. de Bod	Justice/Justisie	22/11/71
H. B. du Toit	Justice/Justisie	22/11/71
J. J. Esterhuizen	Justice/Justisie	22/11/71
A. Ferreira	Justice/Justisie	22/11/71
D. S. Fourie	Justice/Justisie	22/11/71
J. D. Haasbroek	Justice/Justisie	22/11/71
J. H. Jordaan	Justice/Justisie	22/11/71
J. N. Labuschagne	Justice/Justisie	22/11/71
J. F. Möller	Justice/Justisie	22/11/71
P. S. J. Nell	Justice/Justisie	22/11/71
B. L. v. d. V. Olivier	Justice/Justisie	22/11/71
I. P. H. Olivier	Justice/Justisie	22/11/71
C. J. Oosthuizen	Justice/Justisie	22/11/71
P. R. Rothman	Justice/Justisie	22/11/71
M. J. Rynders	Justice/Justisie	22/11/71
G. J. Schoeman	Justice/Justisie	22/11/71
P. J. Steyn	Justice/Justisie	22/11/71
N. M. Tempelhoff	Justice/Justisie	22/11/71
D. P. van den Berg	Justice/Justisie	22/11/71
P. J. L. Venter	Justice/Justisie	22/11/71
S. J. Verwey	Justice/Justisie	22/11/71
S. W. J. Visagie	Justice/Justisie	22/11/71
L. L. Crouse	Police/Polisie	12/10/71
D. R. Mieny	Police/Polisie	12/11/71
F. Wilmans	Police/Polisie	22/10/71

No. 2274 17 December 1971

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963. — UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST A213

The Publications Control Board has by virtue of the power vested in it by section *eight* of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:

Publications

1. *Devil and All His Works, The.* By Dennis Wheatley.

No. 2274 17 Desember 1971

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS A213

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:

Publikasies

1. *Devil and All His Works, The.* Deur Dennis Wheatley.

2. *Marxism and Beyond*. By Leszek Kolakowski.

Pamphlets

3. *Four pamphlets advertising various publications*. Published by Publications Promotions, P.O. Box 78, Cape Town.

No. 2275 17 December 1971

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST C110

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (b) of section *one hundred and thirteen* of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964) decided that the undermentioned goods are objectionable:

Magazine

Men Only, Vol. 36 No. 5 (*The New Men Only*). Published by Paul Raymond Publications Ltd, London (and all ensuing editions).

17-24

No. 2287 17 December 1971

ELECTION OF A SENATOR FOR THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL

